




Kollig

Augustus 2024 Jaartal 40 Nommer 2



Sekerheidsreël 51:

'n EERSTELAS LEWE BEGIN MET FINANSIËLE BEPLANNING.

Wonder jy wat jy vandag kan doen wat 'n positiewe invloed op jou toekoms sal hê? Hou in gedagte dat goeie finansiële beplanning jou kan help om jou lewensdoelwitte te bereik, jou geliefdes te beskerm, vir die onverwagte voorsiening te maak en jou finansiële toekoms te verseker.

As 'n gekwalifiseerde finansiële beplanner kan ek 'n verpersoonlikte plan skep wat jou veranderende behoeftes en jou finansiële welstand ten opsigte van alle fasette van jou lewe in ag neem.

Gereed vir die volgende stap? Kom met ons in aanraking om uit te vind hoe Sanlam se wye reeks finansiële oplossings jou kan help om met sekerheid te leef.



Jan Hendrik Jacobs
Prinsipaal
071 895 1502



Ben Scott
Finansiële Beplanner
082 867 2786



Salomé Wessels
Finansiële Beplanner
083 371 5949



Sunet Goncalves
Finansiële Beplanner
082 551 7092



Frik Cloete
Korttermynversekering
082 951 6278



Antionette Cloete
Korttermynversekering
082 563 8148



Melanie Webb
Korttermynversekering
072 559 5184



Chad Oosthuizen
Korttermynversekering
076 137 8901



Lewe met sekerheid

Finansiële Beplanning | Aftrede | Versekering | Gesondheid | Beleggings | Welvaart | Krediet

Sanlam Lewens is 'n Gelisensieerde Lewensversekeraar, Verskaffer van Finansiële Dienste en Geregistreerde Kredietverskaffer (NCRCP43)

TO KNOW, KNOW, KNOW HIM (KOKANJE)...

is to love him (Kokanje)!

*"To live here
makes my life worthwhile.
And I do, and I do..."*



Volgens die ou liedjie van
die Teddy Bears.

Leer ken Kokanje se geskiedenis en die stories uit die verlede wat hierdie Aftreeoord so gewild en bemind gemaak het! **Erken** die toegewyde arbeid van vorige "generasies" en **wees dankbaar** vir elkeen se bydraes tot die Oord.



Bestudeer die Kokanje-Gedenkalbum en onlangse volkleur **KOLLIG**-uitgawes op die Kokanje-Webwerf en **win meer kennis in**.

kokanjeaftreeoord.co.za/kollig
(nuusblad)

Lees in hierdie **KOLLIG**-uitgawe aangaande die Kokanje-Embleem en Lied en aangaande die bestaande en Nuwe Inwoners, en die unieke

Personeel. **Maak vriende** met al jou Bure, mede-Inwoners en die Personeel – jy weet nooit wanneer jy hulle hulp gaan nodig kry nie...

Neem kennis en hou by die Reëls en Regulasies wat nou al vir byna 40 jaar in plek is (nou en dan effens aangepas) en wat sorg dat ons Oord met rasse skrede vooruitbeweeg en landswyd bekend is.

Onderzoek, verstaan en ondersteun die redes waarom sekere besluite geneem word deur die Bestuurskomitee – hulle is tog die persone/kundiges wat u ingestem het om in daardie posisies diens te doen en Kokanje van 'n langtermyn rooskleurige toekoms (vir hulle en ons elkeen) te verseker!

Ons verblyf in Kokanje sorg vir alle tipes emosies, 'n unieke reeks ondervindings en ons kan baie interessante rolle vertolk. Nie een dag is presies soos 'n vorige een nie en elke persoon se storie is boeiend.

Op hierdie ouderdom loop die lewe soms Kaapse draaie met ons en dinge gebeur wat ons nooit beplan of verwag het nie. Met elke seisoensverandering is daar nostalgie en hartseer – tye wat verby is en nooit weer beleef sal word nie...

Hou asseblief moed tydens daardie moeilike tye – dit sal nie vir altyd duur nie!

Geniet elke gelukkige oomblik terdeë en bewaar dit in jou spesiale verhaleskatkis.

Liefdegroete
Rita Noeth.



ARTIKELS I.V.M. PORTEFEULJES:


PERSONEEL EN VERGOEDING (PERSKOM)

Bladsy 19 tot 24.
ROELF BURGER en
GERHARD KEYTER



HOE EK KOKANJE EN SY VERSORGINGS-DIENS BELEEF

Bladsy 27 tot 29.
CHRISTIENCE
ROBERTZE



VRYWARING

Die Kokanje Raad of die Administrasie of die Redaksie van **KOLLIG** onderskryf nie noodwendig menings wat deur medewerkers uitgespreek word nie. Die Redaksie betaal nie vir artikels of enige bydraes nie en skrywers behou hul kopiereg, terwyl die Redaksie die reg behou om alle artikels en briewe te verkort, te versorg en vir plasing te oorweeg, ofskoon gepoog sal word om die strekking van die inhoud so noukeurig as moontlik te hou. Hou dus u bydraes kort en bondig, asseblief. Hierdie vrywaring geld ook vir advertensies.

Elektroniese artikels na: ritanic2@gmail.com en WhatsApp 083 307-1446.

KOKANJE-AFTREEOORD, Nylstroom (Modimolle), Limpopo, Suid-Afrika.

(GPS: 24,68°S 28,38°O) Tel: (014) 715-2030/1/2/3. Kokanjeaftreeoord.co.za/kollig-nuusblad

motors

AUTO SERVICE & REPAIRS

*Petrol & Diesel Vehicles and Trucks

*Engine Installations | Petrol & Diesel

*Vehicle Diagnostics

Fault Finding & Repair

Tel: 014 718 4004/3

Cell: 082 928 1088

Cell 2: 074 248 3601

Email: info@pjmotors.co.za

P.O Box 3525 | Lilian Ngoyi Str

Modimolle 0510

GROET MEKAAR... EN WEES GEGROET!

Ons almal onthou nog hoe ons, toe ons kinders was, deur ons ouers geroep is met die opdrag:

"Kom groet die mense!"

Skaam-bang het ons half teë-sinnig aan ons ouers se versoek voldoen en daarmee deelgeneem aan een van die oudste en mees basiese menslike rituele. Was dit ons inherente vrees vir onbekende situasies en vreemde mense of was dit onbegrip van wat hierdie algemeen-menslike handeling beteken, wat ons huiwerig gemaak het om te gehoorzaam?

Dit het 'n reis deur die lewe geneem om te begryp wat die betekenis en waarde daarvan is om medemense te groet. Soos wat ons opgegroeï en deel van verskillende lewens-situasies geword het, het ons al hoe meer 'n besef gekry waarom mense mekaar groet en wat die betekenis van daardie groet is.

Daar is natuurlik baie soorte groete – oggendgroete, aandgroete, dae van die week groete, vriendelike groete en Kersgroete. Verder is daar groete in digvorm, maar ook groete op die wieke van musiek soos:

"Stuur groete aan Mannelies Roux" en Koos du Plessis se "Groet sonder woorde" en vele meer.

In sy heel eenvoudigste vorm groet mense mekaar om erkenning te gee aan die ander se bestaan en teenwoordigheid.

Dit is 'n manier om te sê:

"Ek sien jou raak as medemens en erken jou teenwoordigheid".

Die teenoorgestelde van hierdie erkenning is om iemand te ignoreer en so te weier om sy/

haar teenwoordigheid te erken en sodoende hom/haar as mens raak te sien. In Europa is die spontane groet op straat skaars, terwyl dit meer eie is aan Afrika en Suid-Afrika. Daarom is dit een van die dinge wat Suid-Afrikaners in die vreemde mis en laat terugverlang na Suid-Afrika en sy mense. Wat ons betref, is die onwilligheid of onvermoë om te groet nie goeie maniere nie, maar dalk 'n teken van meerderwaardigheid.

Groet kan egter meer gekompliseerd wees wanneer dit deel vorm van 'n ritueel, soos wanneer nuwelinge tot 'n nuwe samelewingskring toetree, byvoorbeeld, om deel van 'n nuwe skool of 'n nuwe werkskring te word. Deel van die inburgeringsproses bestaan gewoonlik daaruit dat van die nuwelinge verwag word om eerste te groet wanneer hulle van die gevestigde lede van die groep teenkom. Dikwels word die groet in 'n bepaalde geykte formule, wat deel van die tradisie van die groep is, vervat. Die belangrikste deel van die formule is dat die nuweling die een wat gegroet word op sy/haar naam sal groet. Só, leer die nuweling dan die ouer lede van die groep, waaraan hulle nou behoort, ken en word die band wat die groep aanmekaar bind, verstewig.

Wanneer die handeling van groet deel word van 'n mens se alledaagse omgang met ander mense, kan dit 'n baie aangename ervaring wees. Die blydschap op iemand se gesig wanneer hulle jou sien, en die geneentheid in hulle stem wanneer hulle jou groet, veroorsaak 'n gevoel van behaaglikheid en geborgenheid by 'n mens. Dit gee aan jou die gevoel dat ek hier hoort en

dat ek binne 'n vriendelike ruimte en omgewing is. Ja, dat ek tussen my mense is!

Een van die aangename ervarings wat groet by my te-weegbring, gebeur wanneer die Leraar/Pastoor aan die begin van 'n erediens die gemeente met die seëngroet namens God groet. Om te dink dat God my raaksien en erkenning aan my bestaan gee deur my te groet – Hy, as die Almagtige God, sien my raak en Hy groet my en verwelkom my as deel van sy gemeente, sy huishouding. Geen wonder dat Paulus en ander skrywers van die Nuwe Testamentiese briewe groot klem daarop lê dat gelowiges mekaar moet groet, soos dit in onder andere Romeine 16:16 staan

"Groet mekaar met 'n soen van Christelike broederskap".

Lede van hierdie nuwe geloofsgemeenskap, wat Christene genoem word, het 'n kenmerkende eienskap wat hulle as lede van hierdie gemeenskap onderskei, en dit is dat hulle mekaar altyd groet. Die soen of kus waarvan hier gepraat word, verwys na 'n algemene gebruik in die vroeë Christelike kerk wat 'n uitdrukking van onderlinge toegenenheid en liefde was.

Al groet gelowiges mekaar dalk vandag nie meer só nie, mag ons nie nalaat om mekaar in Kokanje, of in ander lewenskringe, met vreugde en belangstelling in die welwese van jou medemens te groet nie.

Ek groet jou met vriendelike groete!

Henk Potgieter



O O G K U N D I G E



GEORGE VAN DER HOVEN

Promosie

Enkelvisie - R1500 | Bifokaal - R2500

Multifokaal - R3500

PLUS GRATIS LEES / SONBRIL

Terme en Voorwaardes geld

Bela Bela | Modimolle | Mookgophong

066 517 2571

DIE UITVOERENDE BESTUURDER SE BOODSKAP

Die Kokanje-Gemeenskap is 'n hegte gemeenskap waar verbin-tenis met mekaar gesmee word op 'n dieper vlak as die res van ons samelewing. Dit is juis dit wat die menslike behoefte, om te behoort, so sterk bevredig. Dit beteken egter dat die impak van verandering 'n groot impak is. So was dit dan ook die geval met **Susan Weber** wat die diens van Kokanje verlaat het om na Kanada te emigreer. Susan was reeds sedert November 2005 deel van die Kokanje-familie en het 'n integrale deel van die ge-meenskap gevorm met die diens wat sy vanuit die Kokanje-Pos-kantoor en later die Ontvangs gelewer het. Susan is 'n raakvat-mens wat nie huiwer om uit haar pad te gaan om haar medemens te help nie. Sy het op 'n persoon- like vlak gedien en 'n verskil in ons almal se lewe gemaak. **Ons wens Susan en haar familie net die beste toe vir hulle toe-**

koms daar in die verre vreem- de.

Dan is dit natuurlik ook so dat waar 'n groot boom, soos Susan, ontwortel is en die son weer na die grond deurbreek, nuwe bome geleentheid kry om wortel te skiet. **Santie Strydom** het met groot ywer die Ontvangskantoor omskep in haar eie spasie waar sy die Kokanje-Gemeenskap kan dien. Ons is dankbaar vir die verskil wat Santie reeds in ons midde gemaak het en weet dat die impak van haar passie nog vir jare vir Kokanje beskikbaar sal wees. **Baie welkom Santie!**

Met die helfte van die jaar reeds iets van die verlede, is die eerste 4 maande van die finansiële jaar afgehandel en is dit 'n voorreg om te kan sê dat **alles in Kokan- je op koers is.**

Verkope lyk baie goed met 22 kontrakte wat reeds vir die jaar

geteken is. Dit gee natuurlik die pas aan vir die res van die De- partemente wat direk of indirek by hierdie proses betrokke is.

Dit is duidelik dat die pas waar- mee 2024 begin het nie gaan afneem nie en dat ons onself moet staal vir 'n bedrywige twee- de helfte van die jaar.

Ons sê dankie vir elke Ampte- naar wat toegewyd en passievol dien binne ons Gemeenskap en net so ook vir elke Kokanje- Inwoner wat hierdie gemeenskap koester en uitbou.

Kokanje bly 'n fees!

Andries Visagie



UIT DIE PEN VAN DIE VOORSITTER

Terwyl ek hierdie beriggie skryf, tref die bykans ondenkbare werk-likheid my dat die eerste 7 maan- de van 2024 reeds in die verge- telheid verdwyn het, en snel die jaar na Kokanje se 40e verjaars- dag: 2025!

Dit is 'n gegewe **"that time and tide waits for no man,"** en daar- aan kan ons niks verander nie. Waaraan ons wel iets kan doen, is hoe ons die tyd wat ons nog gegun is op die ondermaanse, gaan aanwend.

Daar is enkele universele ele- mente van tydsbesteding wat geldend is vir elkeen van ons.

Eerstens is daar die onvermy- delike **fisiese en gesondheids- toestand van ons liggame** wat noodwendig die aard en omvang van ons fisiese tydspanning, hetsy beperkend of minder be- perkend, bepaal.

Dan is daar ons tydsbesteding aan ons **sielsverrykende gees- teslewe.** Hier dink ons aan tyd wat, veral ouerwordendes, span- deer aan kerkdienste, stiltetyd, Bybelstudie, gebed, filosofiese gesprekke, lees van godsdien- tige artikels en boeke, ens.

Laastens is daar die **psigiese element** waaraan elkeen van veral afgetredenes seker die meeste van hul tyd spandeer (naas stokperdjies). Die klem val hier op ons persoonlike verhou- dinge met andere rondom ons, en die keuses wat ons maak ten aansien van die wyse waarop ons hierdie tyd spandeer. Kies ek om in my assosiasie en kommu- nikasie met andere met vreugde, liefdevol, ondersteunend, en met begrip en omgee te leef; of kies ek om gesien en beleef te word as die swarmoedige klaagkous wat net die negatiewe sy van die

lewe en sy omstandighede be- klemtoon?

Maak die regte keuse leef in vreugde, en moenie toelaat dat enigeen jou vrede steel nie!

In summary, allow me to quote the following words of wisdom from Ephesians 4: 2-3:

"Be completely humble and gentle; be patient, bearing with one another in love. Make every effort to keep the unity of the Spirit through the bond of peace."

Kokanje-Vreugde u toegewens!

Hennie Lacock



ONTHOU U NOG?

KOKANJE-LIED/ KOKANJE SONG

Op die wysie van *Muss i denn of
Broken Heart* van Elvis Presley.

KOKANJE is die naam
van ons Luilekkerland
Luilekkerland aan die voet
van die Waterberg
Ons gee om vir mekaar
en dis rustig hier
Rustig hier in die Bosveldse
mooi natuur.

Dis die mooiste oord in Suid-Afrika
Ons is almal trots op ons Oord,
Dis ons tuist' dis ons trots,
hierdie Luilekkerland
Luilekkerland waar ons
vriendskapsbande smee!

Most of us may be grey,
yet we're still young at heart
Still young at heart
with that sparkle in our eyes
Our mem'ry may be short,
only luck'ly we know
Luck'ly we know our years
have made us wise.

Should we ever land in the frailty ward,
We are sure of loving care
Our mind is at peace in this
Sweet Lotus land
Sweet Lotus land,
"Bless Kokanje"
That's our prayer.



Wyle Yvonne de Wet
het die Afrikaanse deel geskryf en
Wyle Sieg Engelbrecht
die Engelse bewoording.
13 September 2002.

KOKANJE se EMBLEEM



Wyle Luna du Toit
(een van Kokanje se kunstenaars)
het die Kokanje-Embleem
in 1996 ontwerp en loshande
die spesiale kompetisie gewen.



Simboliek:

- ♦ Die boom simboliseer ons mooi Bosveldnatuur.
- ♦ Die huisie simboliseer die gelukkige tuiste wat ons hier vind.
- ♦ Die goue sirkel wat die embleem omsluit, dui op die veiligheid, vriendskap en samehorigheid wat ons hier geniet.
- ♦ Die oopgedeelte in die sirkel simboliseer die toevoeging van nuwe inwoners.
- ♦ Die naam KOKANJE wat in vet hoofletters verskyn, dra die boodskap uit dat Kokanje 'n rustige en veilige verblyf vir sy inwoners waarborg.

Die leuse "Kokanje vir 'n rustige en veilige verblyf in 'n Bosveldomgewing" is later deur die Kokanje Raad bygevoeg.

ONS PRAGTIGE VOORBLAD: Ons eie "Madame Butterfly", Marita Beneke, vertel ons 'N IETSIE MEER OOR WATERBERG-SKOENLAPPERS

Skoenlappers en ander insekte, spinnekoppe en verwante spesies vorm saam bykans 75% van alles wat lewe op aarde. Saam vervul hulle die uiters belangrike rol van bestuiwing van bome, struik, grasse, blomme en ook natuurlik oeste – daarsonder sou mens en dier nie voedsel gehad het nie en die aarde soos ons dit ken, sou nie bestaan het nie. Dit is inderdaad die hoeksteen van die voedselketting. Die feit dat skoenlappers so ongelooflik mooi is, is inderdaad 'n bonus!

Die meeste insekte en veral spinnekoppe is vir ons grillerig en ons dink niks daarvan om hulle summier dood te maak nie. Skoenlappers is in hierdie opsig ideale ambassadeurs vir insekte:

"Beautiful and graceful, varied and enchanting, small but approachable, butterflies lead you to the sunny side of life. And everyone deserves a little sunshine." – (Jeffrey Glassberg).

In Suid-Afrika is daar ongeveer 670 spesies skoenlappers. Omdat ons land se verskillende streke so divers is, is ons skoenlappers, net soos ons voëls, uniek wat hulle verspreiding betref en is baie van hulle dus endemies aan spesifieke gebiede. Ons Waterberge byvoorbeeld, het ook sy unieke skoenlapperbevolking wat heel anders is as dié van die oostelike kusgebiede of die droër westelike gedeeltes van ons land.

In Kokanje is tot dusver meer as 80 spesies aangeteken en gefotografeer.

Die volwasse skoenlapper is vir ons pragtig, maar ons besef nie altyd dat die wurmpie wat so bietjie vreet aan ons plantjies eintlik die larwe van die skoenlapper is nie.

Dus: Moet tog nie sommer die gifstowwe uithaal by die geringste teken van 'n insek wat iets in jou tuin vreet nie. Meestal is dit slegs 'n tydelike verskynsel. Gebruik jy gif, kring die effek daarvan uit en word voëls, geitjies ens. ook vernietig.

Skoenlappers word ook bedreig deur verlies van habitat veroorsaak deur landbou, ontwikkeling, ontbossing ens. maar veral deur die onkundige gebruik van gifstowwe.

Aanvaar die uitdaging en omskep jou tuin in 'n Bewaringsgebied in die klein. Met 'n bietjie beplanning kan dit 'n noodsaaklike habitat en deurgang word vir ons vlieënde juweeltjies. Ons leef in die jaar 2024 en oraloor is daar 'n meerwordende dringendheid om ons planeet se natuurêre nis, wat so bedreig is, te bewaar.

Hoe lok ek skoenlappers na my tuin? Maak 'n punt daarvan om bome, struik en blomme te plant wat voedsel bied vir die volwasse skoenlapper, en veral gasheerplante vir die larwes oftewel ruspes. 'n Paar inheemse bome en struik in jou tuin is veral ideaal. En moet tog nie elke blaar wat afval tydens die herfs en winter onmiddellik ophark en in sak-

ke weggooi nie. Daar is soveel lewe in die dooie blare in jou beddings. Al geluister hoe heerlik skrop die lysters vir 'n kossie in die blaarbedekking?

Maak 'n kopskuif oor jou manier van tuinmaak. Beskou jou tuin eerder as 'n klein Natuurreservaat. Die beloning is dat jy verwonderd sal staan oor die oorfloed van lewe rondom jou: Skoenlappers, bye, ander insekte, akkedissies, geitjies, paddatjies, voëls, nagapies ens. ens.

Geniet die wonder van die natuur in jou eie tuin deur jou positiewe denke. Lekker tuinmaak en begin jou skoenlappers ken!

Marita Beneke



Name van die pragtige skoenlappers op die voorblad, deur Marita gefotografeer.

1 EN 2
3 EN 4
5 EN 6.

1. Lemoenskoenlapper (Citrus Swallowtail).
2. Oranjevlerkvoëlentwitjie (Twin-dotted border).
- 3 & 4. Seerower (Pirate) bo- en ondervlerk.
5. Populierluiperd (Common Leopard).
6. Kwagga (Zebra White).

PROFESSIONELE WAARDASIES

DU PREEZ NEL

WAARDEERDERS • TAKSATEURS

VALUERS • APPRAISERS

TREE AF

*Dankie vir jarelange
ondersteuning*

POSBUS 1182, KOKANJE, 0515

TEL: (014) 715 2338

SEL: 083 268 3711

dupreeznel100@gmail.com

Kokanje Skoonheidsalon

Kom bedefjouself

Foot & Body

Worx

Dienste:

- Tint
- Waksbehandeling
- Voetbehandeling
- Masserings
- Naelbehandeling
- Wenkbroue
- Wimpers
- Facials



Mari Mare:

082 874 9249

Pikkie Meubelvervoer

Sedert 1975. LANDSWYD




Bestuur self en toesig vir u gemoedsrus

**Geregistreeerde vervoer
met TOE meubelwa**

Opberging en versekering

Tel: 014 717 3101 of 082 557 0511

Strydomstr. 4, Modimolle (Nylstroom)



Naaimasjien en omkapmasjien Hersteldiens

Diens en Herstel van alle fabrikate

teen die beste pryse

ONS DIENS:

- Kokanje

- Koro Creek

- Bosveldsig

Chris De Wet & Seuns

Dalene: 082 213 5111

BEDANKINGS DEUR DIE REDAKSIE

Die volgende persone word hartlik bedank vir **HULP** en **KUNDIGHEID** om die Augustus-**KOLLIG** voor te berei:

Keuring: Rita Noeth.
Taal- Fritz Wolff, Annette van Dyk, Anne
versorging: Kraay.
Proeflees: Rita van der Hoven.
Bladuitleg: Rita Noeth en Leonie du Plessis.
Produksie: Rita Noeth.
Kleurcollages: Rita Noeth en Hetta Uys.
Voorblad-
foto's: Marita Beneke.
Ander foto's: Persone wat artikels ingestuur het/
 klublede en Rita Noeth.
Tikwerk: Paula Nienaber, Rita vd Hoven,
 Tina Brits, Anneke du Plessis en
 Rita Noeth.
Nuwe Intrekker
onderhoude: Rina Lüneburg en Marthie Olivier.

Hartlike dank aan ons **Adverteerders** –
 sonder julle advertensiefooie sou die **KOLLIG**
 onbekostigbaar gewees het!

Pieter Knoetze, Marinda en Venter van der
 Westhuizen en Roelof Burger het as
Advertensiewerwers en Tesourier opgetree.
Postnet was verantwoordelik vir die ontwerp
 van nuwe advertensies of die redigering en
 versorging van bestaande advertensies.

Ons bedank **Kokanje-Inwoners** wat
 verskeie bladsye teen R50 elk geborg het –
 ons waardeer dit baie!

Ons nooi almal hiermee uit om ons te nader om
 in die toekoms ook bladsye in die **KOLLIG** te
 borg.

Roelof Burger.

Die Redaksie van **KOLLIG** bedank al die
Kokanje-Inwoners wat die pragtigste artikels
 en gediggies ingestuur het.

KOLLIG-KLEINADVERTENSIES/KOLLIG-SMALLS

A. Isolerende Kooksak

Linda Sprenger, Huis 49D.
 (014) 715-2150 of 083 506-9322.



B. MORINGA PRODUKTE (Olie, poeier en kapsules)

baie billike pryse:

Erina Lombard, Huis 30C.
 083 452-2091
 014 715-2663.



C. Cosmetic treatments

Annette Nortje:
 Salon Juenesse @ Kokanje.
 45C Sering street.
 083 438-3336.



D. Manshaarkappers 1.

1. Dietloff Bredenkamp,
 Mispelstraat 21C.
 082 415-3729.



2.

2. Wensel du Plessis 34E
 072 212-7189.

Kan ook hare by u huis sny.



E. Manikuur en Pedikuurdiens.

Maria Botha,
 Huis 6C.
 (014) 715-2070 of
 082 874-3027.



F. Maak van nuwe en herstel van bestaande Loodglaslampskerms en bedlampies.

Peet Marx,
 Huis 89B.
 083 286-9322.



G. Skerpmaak van messe en skêre. Krav-klasse.

Frik Grobler,
 Huis 90B.
 083 452-1836.




H. Gedroogde mangosnippers en strokies: R160 p/kg. en macadamianeute: R190 p/kg.

Chrissie Pretorius
 Huis 39C
 083 699-5978.



I. Algemene Nutsmanne:



ONTHOU:



Indien u iets wil **adverteer** in die Kleinadvertensies,
 of hulp aanbied as Nutspersoon (dit is **GRATIS**),
 kontak **Rita Noeth**. W/A: 083 307-1446.

Handgeskrewe **artikels en gedigte** kan in die
KOLLIG-mandjie geplaas word – onder die
 posvakkies, voor Rita Deck se kantoor, of E-pos
 getikte artikels, gedigte en foto's na
ritanic2@gmail.com

Kobus Pretorius 082 458-3423
 Johan (JP) vd Merwe 081 438-7148
 Peet Saayman 082 532-9041.



VADERSDAG-HERINNERINGE

Vadersdag het pragtige herinneringe by my opgeroep... Hier is 'n kort Ode aan my Pa, Simon Venter wat in Kokanje gewoon het en in 2011 in die KE oorlede is.

Hy het tot op 88 nog rolbal gespeel en daarna blind geraak. Hy het nooit gekla oor sy blindheid nie en hy was so 'n nederige man. Baie mense onthou hom steeds as 'n stil, inspirende persoon. Iemand vertel my nou die dag dat hy my Pa onthou, met die woorde "**hier kom 'n man van God verby**".

VIR MY PA

(die Ode is volgens my Pa se eie herinneringe/gedagtes)

Ek onthou...

Dit het dof geword om my, Heer, donker!

Maar ek onthou...

die oë van 'n lam as ek haar vind in 'n ysige winternag, die blye oorklap-stertswaai hondesprong na 'n lang werksdag, die slaperige ogies van my kind as ek haar neerlê, die skugter son wat lang warm strale uitskiet oor die gladde see, die blou-grys koedoebul wat homself trots vertoon, die wit lemoenbloeisels, die doudruppels wat dans in die oggendwind, die blou-blou hemel, die skerp-groen van 'n verkleurmanne-tjie, die fluweelrooi van 'n roos, die dankbare glimlag van 'n sterwende.

Ek onthou ook...

die vrolike gekwetter van die voëls, die geroep van die tortelduif in die verte, strelende musiek, die stemme van geliefdes, die woorde van U stem wat vir my fluister: "**Jy is myne.**"

Ek onthou verder...

die reuk van bloeisels, vars gebak, my geliefde vrou, die eerste reëndruppels op 'n stofpad – ek ruik U skepping!

Ek voel die hande wat my versorg, die kus op my mond, die tossels van my kniekomers, die gladheid van 'n teekoppie, die sagte leer van my stoel, die skerp prik van 'n naald, die pyn in my gebeente, die kant van my bed, die muur in die gang, die son op my vel, die wind deur my hare. Ek voel U warmte deur my spoel.

Daarom sê ek **dankie Heer dat ek nog kan onthou** – hierdie onthou wat vasgevang is in die bladsye van my lewensboek. Ja Vader, dankie vir **my** onthou, dankie vir die **liefde** wat ek kan hoor, voel, ruik en sien, want die **liefde** is sigbaar selfs vir my, so helder soos die oggendster na 'n koue Kalahari-nag.



Hannah
Esterhuyse



PA EN DIE BLOUDRAAD...

Baie jare gelede: Pa het vir Ma na die haarkapper geneem, want sy kon nie bestuur nie.

In ons erf met die groot agterplaas het daar 'n groterige, skewe appelkoosboom gestaan. Dit is met groot moeite gekweek van 'n appelkoospit.

Dit was daardie dag Pa se voorneme om die boom meer regop te trek met bloudraad wat hy aan 'n ysterpen vasgemaak het. Hy wil dit opwen en dan die ysterpen diep in die grond inslaan!

Pa was 'n fris, seningrige man en kon ook vinnig hardloop.

Die draad word al stywer en stywer gedraai. Maar, die ysterpen gly toe uit sy hand en dit vang sy kortbroek en spin vir Pa al in die rondte en hy kry nie die ysterpen uit sy kortbroek nie – dit is te erg vasgedraai. Pa roep hard en kyk rond of iemand hom nie kan kom help nie – maar, daar was niemand naby nie. Pa moes maar sy broek uittrek en so vinnig as moontlik in die huis kom.

Hy kon nooit weer die kortbroek aantrek nie, want dit was flenters van die poging om dit met 'n skêr tussen die opgewende draad uit te sny.

Gelukkig het Ma nog nie gebel van die haarkapper af nie, want sy is 'n kwaai vrou!

Elsa van Wyk



PAULA SE PA...

Is jy al ooit gevra om jou herinneringe aangaande jou pa neer te pen? Nou ja, ek het daardie opdrag gekry van my oudste broer.

My pa was Wilhelm Bernhardt (wat in Kokanje afgetree het en hier woonagtig was tot sy afsterwe) en sy seun en kleinseun het ook die familienaam gedra.

Pa het maar arm grootgeword op die platteland, Charles-town, saam met 2 broers en 1 suster. Die koeie moes altyd dou voor dag gaan haal en gemelk word. Op menige ysige wintersoggend was die enigste manier om sy gevriesde kaalvoete te ontdooi om hulle in die pasgemiste mis-koeke te druk...

Op hoërskool het hy in Volksrust skoolgegaan en by 'n stiefsussie se gesin tuisgegaan. Daar moes hy sy nefies en niggies help met skool- en huiswerk. Onthou jy die rooi stoepe wat altyd gegee, politoer gesmeer en blink gevryf moes word? Pa het ons altyd geleer dat geen werk iemand nog ooit doodgemaak het nie!

Hy en my ma was baie gelukkig getroud en het 7 kinders grootgemaak. Tuis was niks vir hom te veel om mee te help nie – doeke omruil en babas kosgee was geen probleem nie!

Pa het altyd met 'n fiets werk toe gery – in die beginjare was karre gans te duur om te koop. Maar, later het hulle wel een aangeskaf.

Ons het in Roodepoort grootgeword. Die vrugteboord wat Pa aangeplant het het Ma gehelp om die spens vol konfyt en ingelegde vrugte te hou.

My pa kon ook maar 'n platjie gewees het met tye... Die fa-

milie het baie kom kuier en dan het hulle heerlik aan ons vrugte gesmul. So gebeur dit een naweek dat 'n skoonsuster en familie kom kuier. My pa sê toe dat daar baie vrugte is en dat hulle soveel kan eet soos hulle wil, maar dat niks saamgevat mag word nie. So gesê, so gedaan. Skoonsus eet en eet en as jy haar soek, was sy maar weer in die boord aan't eet!

Sondagmiddag, voor hulle huis toe ry, oorhandig Pa aan Skoonsus 'n yslike appelboks vol vrugte om saam huis toe te neem. Sy het agterna vertel hoe kwaad sy vir Pa was – sy het amper nie haar huis gehaal het nie... (Appelkoosmaag – bo in en onder uit!)

Pa het ons geleer om vir Jesus lief te wees en Sy werk te doen hier waar Hy ons geplaas het. Ons het gereeld kerk toe gegaan en Boekevat was deel van ons lewe. Pa was 'n opregte en regverdige man en stiptelikheid was een van sy goue reëls.

Pa en Ma het vir 26 jaar baie gelukkig in huis 60F hier in Kokanje gewoon en hulle bure in die huis langsaan was hulle boesemvriende. Dit het ons ook laat besluit om hier in die Bosveld af te tree!

**Paula
Nienaber**



DRUPPELGROEN

Was jy al in die Bosveld na die eerste somerreën, in saggroen wilgerkoelte wat lafenis verleen?

Het jy aanskou, hoe vaal wintergras oral groen uitslaan wyl vlinders windaf fladder agter botterblomme aan?

Het jy gesien hoe waterdruppels koeëlblik deur weerlig gelouter, soos glinsterkristalle teen tak en stam afklouter?

Het jy al gelê teen die rooikleival van 'n troebel modderkuil, met beeste wat rustig-kouend hulle tyd om jou verwyl? En gehoor hoe die geluid van uitgetrekte grashalms, almeer saamsmelt met die gerammel van veraf donderweer?

Het jy al die nuut-groen blare van naderby beskou? Gesien waar skuil die kuikens van die skugter vaal Veldpou?

En het jy op die neste in die boommikke gelet as die eerste reëns die Bosveld met sy krag omtower het?

**Braam
Beneke**
(Uit sy bundel, Herkoukos.)



THE DASH

I read of a man who stood to speak
at the funeral of a friend.
He referred to the dates on his casket
from beginning to the end.

He noted that
first came the date of his birth,
and spoke of the following date with tears,
But he said what mattered most of all
was the **dash** between those years.

For that **dash** represents all the time
that he spent alive on earth,
And now, only those who loved him
know what that little **dash** is worth.

For it matters not, how much we own,
the cars, the house, the cash,
What matters is how we live and love
and how we spend our **dash**.

So think about this long and hard;
are there things you would like to change?
For you never know how much time
is left that can still be rearranged.

If we could just slow down enough
to consider what is true and real
And always try to understand
the way other people feel.
And be less quick to anger
and show appreciation more
And love the people in our lives
like we have never loved before.

If we treat each other with respect
and more often wear a smile,
Remembering that this special **dash**
might only last a little while.
So when your eulogy is being read,
with your life's actions to rehash,
**Would you be proud of the things they say,
about how you spent your dash?**

Linda Ellis

Sent in by **Anni Venter**.



THANK YOU FOR THE SMILE

When a beautiful smile like
yours brightens my day
It beams forth in a lovely
miraculous way
To deliver a message deep
into my heart
Which will ever place you,
o dear smiler, apart
From the woes of the world
that so many reveal
Which may dampen the
neighbourly love I should
feel.

Even though I hold every
person most dear,
The attraction I feel is just
made more sincere
Via smiles such as you
have displayed to secure
My most grateful response.
Oh please let it endure
Towards all upon whom this
life's heartaches may fall,
Thus transmitting a signal
that's needed by all
As a pure way of showing
our neighbourly love:
An assignment that we
have received from Above.

(Composed by a grateful
W Eric Bouwer.)



*It's easy enough to be
pleasant
If life goes by like a song...
But, the man/woman
worthwhile
Is the man/woman with a smile
When everything goes
Dead Wrong!*

M E E L E W I N G

1 APRIL TOT 31 JULIE 2024



Heilie Pretorius
2 Apr '52 tot 28 Mrt '24



Rienie Snyman
19 Mrt '32 tot 4 Apr '24



Marie Ferreira
15 Mei '30 tot 23 Apr '24



Martie Eybers
12 Mrt '45 tot 1 Mei '24




Martiens de Jonge
3 Aug '47 tot 6 Mei '24



Roelf Botha
30 Apr '30 tot 6 Mei '24



Tieka Nel
12 Aug '29 tot 26 Mei '24



Ossie Searle
10 Okt '51 tot 22 Jun '24



Lulu van der Walt
11 Nov '39 tot 28 Jun '24



Jan Basson
13 Jul '33 tot 11 Jul '24



Johan de Beer
19 Sep '42 tot 12 Jul '24



Gert Oliver
22 Jan '47 tot 29 Jul '24

**We are not mourning the departure
of these dear friends of us,
we are grateful for it.**

**Our pain is a small price to pay for his/her peace
and we celebrate the lives
of all the people they touched
when they were here.**



REMEMBER:

We all die twice!

The first time when
our bodies give up
and the second time
when our stories are
stopped being told.

MY VALENTUIN...



Miekie Snyman is 'n rukkie terug opgemerk waar hy rustig (in die geselskap van een van sy pragtige kieres) gesit het, besig om die omgewing te bekyk. Sy rugkus-

sinkies is erg weggeslyt en veroorsaak baie pyn en lyding. Hy sien die neurochirurg hopelik vroeg in September...

Miekie gebruik daaglik een van sy indrukwekkende kieres (foto hieronder) om eetsaal toe te stap:

Die kameelperd is by 'n vlooiemark gekoop, nommer 2 by dr. Breedts se spreekkamer en die ander by gesondheidswinkels.

Hy vertel dat hy elke dag een van hulle gebruik om mee rond te stap, eerder as om dalk weer 'n "bevalling" te kry...

Tong in die kies vertel Miekie hoe hy in sy tuin geval het en nog op sy gras gelê het toe Barbara Matthyser (op pad na haar suster, Rina toe) verbygestap het. **"Nou wat lê jy so en gras eet?"** wou sy kamma weet.

Gelukkig het buurman Jan en buurvrou Annalise Delpont ook kom hand bysit om Miekie weer veilig op sy voete te help en tot in die huis te neem.

Hy is hulle innig dankbaar!



Ben Schultz se selfoon-profielboodskap.


Daar het 'n voeltjie gefluit dat hy ook onlangs sy 200ste parkrun voltooi het en saam met die ander daarna uitsien om binnekort die baie belangrike 250ste mylpaal te behaal!




MANZI™

WATER GIVING LIFE

The Water REFILL PROCESS



Refill at R1.20



 **SAND
FILTRATION**

 **ELEMENT
FILTRATION**

 **REVERSE
OSMOSIS**

 **CARBON
FILTRATION**

 **UV
PROTECTION**

 **OZONE
TREATMENT**



Hervul van Waterbottels
PENSIOENARISSE
SLEGS 90c PER LITER

Terms & Voorwaardes geld



079 743 5023

H/v Thabo Mbeki & Nelson Mandela
Shop 5, Esther Gebou, MODIMOLLE



LÜNEBURG

PROPERTIES | VALUATIONS

Est. 2005



JAN LÜNEBURG

SACPVP (7395); MIVSA
MPRE (0924016); CEA
Nasionale Diploma Waardasies (CPUT)

EIENDOMS VERKOPE van:

- Besproeiings- en Droëland Plase
- Wilds-en Beesplase
- Kleinhoewes en Plotte
- Leefstyl Gasteplase en "Lodges"
- Residensiële Huise
- Erwe
- Kommersiële Eiendomme

PROPERTY SALES of:

- Irrigation and Dryland Farms
- Game and Cattle Farms
- Smallholdings and Plots
- Lifestyle Guest Farms and Lodges
- Residential Houses
- Stands/Building Plots
- Commercial Properties

PROFESSIONELE WAARDASIES van:

- Alle tipe plase (spesialis)
- Residensiële Eiendomme
- Industriële en Kommersiële Eiendomme
- Erwe en Ontwikkelingsgrond

PROFESSIONAL VALUATIONS of:

- All types of farms (specialised)
- Residential Properties
- Industrial and Commercial Properties
- Stands and Development Land



082 371 4783



jan@jlproperties.co.za




Kiepersol Straat 73F, Kokanje, Modimolle 0510

We provide
comprehensive
eye examinations




MODI MALL 014 717 5448
Shop 5A & 6, Modi Mall, cnr Thabo Mbeki Drive

Say hello
to your new
superpower.



MODI MALL 014 717 5448
Shop 5A & 6, Modi Mall, cnr Thabo Mbeki Drive



LEER KEN 'N KLOMPIE VAN DIE STEUNPILARE VAN KOKANJE

Die WAT (Woordeboek van die Afrikaanse Taal) definieer 'n steunpilaar as 'n pilaar waarop iets rus, 'n anker, steun, stut of iemand waarop jy kan reken.

Die rol van ons Personeel is inderdaad dié van steungewers, ankers en steunpilare waarop jy kan reken. Hierdie manne en vroue lewer uithaler diens van onskatbare waarde. Boonop word hulle dagtaak met vriendelike glimlagte, eindelose geduld en met altyd sigbare professionaliteit gedoen.

Elke Inwoner en rolspeler van Kokanje is met reg dankbaar vir ons Personeel se toegewyde diens, energie, kennis en ingesteldheid.

Dankie dat u in die droom glo om die Inwoners van Kokanje 'n vreugdevolle, bekostigbare en aktiewe aftrede te laat geniet.

**U moet weet dat u waardeur word
en dat u elkeen hoog geag word!**

Gerhard Keyter
Voorsitter van Kommunikasie en
Reklame (KOMREK)



Sien volgende 4 bladsye.

KOLLIG bedank **Roelof Burger**, BK-lid van Personeel en Vergoeding, vir die inwin van interessante inligting aangaande die meer senior Personeellede wat op die volgende bladsye aan ons voorgestel word.



Die Kokanje-Personeellede is verantwoordelik vir die uiters belangrike take rondom die Bestuur van die Oord, Bemarking/Verkope van Lewensreg in Kokanje, die jaarlikse Karnaval, Gholfdae, Komitee- en Klubfunksies, Versorging van Inwoners in die KE en tuis. Hulle sorg ook dat alle Herstelwerk, Instandhouding en Opgradering van huise in Kokanje seepglad verloop.

Elke Personeellid, van die nuutste toevoegings tot en met die Personeellede met die langste diensjare agter die blad, is van die uiterste belang om Kokanje daagliks op geoliede wiele te laat loop!

**Hartlike dank aan u elkeen vir u geduld,
liefde en samewerking!**

Rita Noeth.

Die Seën Van 'n Bejaarde.

Geseënd is jy as jy verstaan dat my hande
bewe en my voete stadig geword het.
Geseënd is jy as jy daaraan dink dat my ore
nie meer goed hoor nie, en dat ek nie meer
alles kan verstaan nie;
Geseënd is jy as jy weet dat my oë nie meer
goed kan sien nie, as jy nie kwaad word
wanneer ek 'n koppie laat val nie, of wanneer
ek iets oor en oor vertel.
Geseënd is jy as jy my toelag en my vra na die
dae van my jeug.
Geseënd is jy as jy sagkens met my omgaan,
my stille traan begryp en my laat voel dat
iemand vir my omgee.
Geseënd is jy as jy langer by my bly wanneer
dit orals donker word en my hand vashou
wanneer ek alleen die nag moet in:
GESEËND IS JY:
Wanneer ek in die hemel kom, sal ek die sterre
vir jou aansteek!



A1. **Andries Visagie.**

2. Werksaam in Kokanje: **2 jaar en 5 maande.**
3. Posbeskrywing: **Uitvoerende Bestuurder.**
4. Heel belangrikste take: **Oorhoofse Operasionele Bestuur en Beplanning in Kokanje.**
5. **Getroud.**
6. **3 kinders. Juanel 12, Mieke 10 en Andries 7.**
7. My Stokperdjies: **Visvang en al die sport en buitemuurse aktiwiteite van ons kinders.**
8. **Wat geniet ek die meeste in Kokanje: Die Gemeenskap wat gevorm is vanuit die uiteenloopenheid van die Lede. Eenheid in verskeidenheid.**
9. **My Geliefkoosde gesegde/leuse: "Soveel dae, soveel dinge..."**



B1. **Karen Pienaar.**

2. Werksaam in Kokanje vanaf 1 Julie 2008 – **16 Jaar.**
3. My Posbeskrywing: **Persoonlike Assistent.**
4. Heel belangrikste take: **Om die UB te ondersteun en die Direksie van hulp te wees. En om Inwoners te help op 'n vriendelike en flinke wyse. Om, waar moontlik, die ekstra myl te stap.**
5. **Enkellopend.**
6. **2 lieflike kinders, waarop ek baie trots is. My dogter werk in Saudi Arabië en my seun werk op sy en sy pa se plaas.**
7. My Stokperdjies: **Ek is 'n "skepper". Ek hou van alle kuns-uitdagings en om nuwe kunstegnieke aan te leer. Ek skilder baie en hekel ook graag. Dan lees ek ook en pak kort-kort ietsie nuuts aan wat ek met my hande kan maak.**
8. **Wat geniet ek die meeste in Kokanje: Dat Kokanje goed is vir sy Personeel. Vir my is dit 'n voorreg om elke dag te kom werk. By ander maatskappye het ek altyd die "Sunday blues" gekry, maar nie by Kokanje nie. Elke dag bring iets nuuts!**
9. **My Geliefkoosde Gesegde/Leuse: My kinders weet ook: "Alles wat jy doen, het 'consequences' " en "Sh** happens!" (LOL!!!)**



C1. **Anina Sauermann.**

2. Werksaam in Kokanje: **7 Jaar en 7 maande.** (1 Des 2024 sal dit 8 jaar wees.)
3. Posbeskrywing: **Bemarkingsbestuurder.**
4. My Belangrikste Take: **Bemarking van Kokanje en verkope van Lewensreg en, (tong in die kies), nog so 'n paar ander belangrike goedjies ook.**
5. **Getroud met Paul Sauermann.**
6. **Seun Jaco 18 jaar, dogter Amia 12 jaar.**
7. **Ongelukkig is daar nie tyd vir stokperdjies nie. Sal dit beoefen na aftrede.**
8. **Wat ek die meeste in Kokanje geniet: Die Inwoners waarvoor 'n mens so lief word. My ervarings met soveel diverse mense regoor die land. (Ons kontrakteurs en voornemende kliënte.)**
9. **My Leuse of Gesegde: "When in doubt... DO NOTHING". 'n Vriendin van my het my hierdie waardevolle lewensles geleer, en hoeveel keer het ek dit nie al toegepas in my lewe nie. As twyfel inskop in enige omstandigheid reageer ek nie op iets voor ek dit deeglik deurdink het en die antwoord gevind het nie. (Dit het my al heelwat verkeerde keuses gespaar.)**
En dan natuurlik die Here se woorde aan Paulus (dit tel vir my as 'n leuse): "My genade is vir jou genoeg" sê eintlik soveel, en kan ek met hierdie woorde maar net in absolute dankbaarheid leef elke dag.



D1. **Sibbie Swart.**

2. Werksaam in Kokanje: **10 jaar vanjaar.**
3. Posbeskrywing: **Bestuurder Finansies.**
4. Heel belangrikste take: **Bestuur van Kokanje Finansies saam met die Adminspan. Verslagdoening van finansiële posisie van Kokanje vir besluitnemingsdoeleindes.**
5. **Getroud met Desmond Swart.**
6. **2 kinders.**
7. Stokperdjies: **Sudoku en blokkiesraaisels.**
8. **Wat ek die meeste geniet in Kokanje: Dat al die verskillende afdelings in Kokanje saamwerk om 'n gemeenskaplike doel te bereik.**
9. **My geliefkoosde gesegde: " 'n Gebrek aan realisme in visie vandag, kos geloofwaardigheid môre."**



E1. **Desmond Swart.**

2. Werksaam in Kokanje vanaf 2/1/2024 – ongeveer 7 maande.
3. My Posbeskrywing: **Bestuuder Vaste Bates.**
4. Heel belangrikste take: **Verantwoordelik vir al die Vaste Bates op die Oord en vir die Modernisering van Herverkope Eenhede. Asook Opknapping en Onderhoud van Bestaande Eenhede.**
5. **Gelukkig getroud met Sibbie Swart.**
6. **2 kinders. Roedolf 16 en Isabella 11.**
7. My Stokperdjies: **Buitelewe, veral visvang.**
8. **Wat geniet ek die meeste in Kokanje: Al die Uitdagings elke dag. "Never a dull moment."**
9. **My Geliefkoosde gesegde/leuse: "Alles is doenbaar solank dit volgens standaard is" en "Hoe kan ek help?"**



F1. **Pierre Cremer.**

2. Werksaam in Kokanje vanaf 4 Desember 2023.
3. Posbeskrywing: **Bestuurder Infrastruktuur.**
4. Heel belangrikste take: **Instandhouding en Sekuriteit.**
5. **Getroud met Imielje.**
6. 2 Kinders: 1 Seun en 1 Dogter.
7. Stokperdjies: Gholf en jag.
8. **Wat geniet ek die meeste in Kokanje: Dankbaarheid van die Inwoners.**



G1. **Riaan Roets.**

2. **10 jaar werksaam in Kokanje.**
3. Posbeskrywing: **Voedseldiensbestuurder.**
4. Heel belangrikste take: **Voorsiening van smaaklike, gebalanseerde etes, en om binne die begroting te bly.**
5. **Enkellopend.**
6. **5 Hondekinnars.**
7. **Rustige Ontspanningstye na werk.**
8. **Wat geniet ek die meeste in Kokanje? Wanneer Inwoners gelukkig en tevrede is en die etes geniet.**
9. My geliefkoosde woorde: **"Kom sit maar aan, die maaltyd is gereed!"**



H1. **Marlene Cloete.**

2. **Sal Desembermaand 18 jaar werksaam wees in Kokanje.**
3. Posbeskrywing: **Adminbeampte in kombuis, Voedseldiens.**
4. Heel belangrikste take: **Administratiewe take in kombuis, fakture, aankoopbestellings en aan diens in eetsale tydens etenstye. Los af wanneer Voedseldiensbestuurder met verlof is.**
5. **Weduwee.**
6. **Ek het 4 kinders en 5 kleinkinders.**
7. Stokperdjies: **Hou van naaldwerk, "paint by numbers", skilder, speletjies soos Mahjong en legkaarte bou.**
8. Geniet die meeste: **Die interaksie met Inwoners elke dag en om in so 'n mooi omgewing werksaam te wees.**
9. My geliefkoosde Gesegdes: **"Wees vriendelik en nederig en behandel almal soos jy behandel wil word. As jy nie iets goeds van iemand kan sê nie, bly eerder stil!"**





I1. Patricia Snyders.

2. **Werkzaam in Kokanje vanaf 2019 tot nou toe.** (Begin in KE as Geregistreerde Verpleegkundige Februarie 2019. Senior Verpleegkundige by Ondersteuningsdienste Oktober 2019. Bestuurder Versorgingsdiens vanaf April 2021.)
3. Posbeskrywing: **Bestuurder: Versorgingsdiens.**
4. **My Heel Belangrikste Take:**
 - a. Omsien na die welstand van Inwoners by die KE en in Huise.
 - b. Kommunikasie tussen die Familie, Inwoner, en Personeelkorps.
5. Enkellopend.
6. Geen kinders.
7. **My Stokperdjies:** Te veel om op te noem! Kruisiesteek, Mosaïek, Brei, Lees, Naaldwerk, Blokkiesraaisels, ens.
8. **Wat ek die meeste geniet in Kokanje is** dat elke Inwoner omgee vir sy bure en medemens.
9. **My Geliefkoosde Gesegde/Leuse:** "Wees altyd bedagsaam, maak nie saak wat gebeur het nie." (Always be kind, no matter what!)



J1. Sister Pulane Thejane.

2. I have been at Kokanje for 3 years and 3 months.
3. **Manager Support Services/Bestuurder Ondersteuningsdienste.**
4. **2nd in charge of our lovely Matron Patricia Snyders.** Most important of my tasks with the collective support of my wonderful team of Nurses and Care-workers, is offering care and support to the Residents of Kokanje to manage medication ordering and administration, Post-operative care (minor surgeries), wound care as per Doctor's prescription, Incontinence care, Assisting with personal hygiene, First aid care in medical emergencies, Responding to emergency bell timeously, Liaison with local doctors, specialists and ambulance personnel, Arranging food delivery for frail and sick Residents and so much more. Basically myself and my team offer Nursing Care to Kokanje Residents in the comfort of their OWN HOME.
5. Single.
6. **Children:** Handsome 16 year old Bohlokwa and my ever-smiling 6 year old Talitha.
7. **What I love most about Kokanje is** offering tender loving care to our Oumas and Oupas, just as our heavenly Father has commanded us to do. The highlight of my day is to be a ray of light and hope to someone in need of my help.
8. **My quote or a phrase that sustains me is:** "Be the change you want to see in the world".



K1. Wilmarie Leite.

2. **Werkzaam in Kokanje vanaf 20 Junie 2022. Dus ±2 jaar.**
3. Posbeskrywing: **Administratiewe Klerk en Bemarkingsassistent.**
4. **Al my take is belangrik, maar vir my is die help reël van Gholfdae en ander Bemarkingsfunksies die aangenaamste.**
5. Enkellopend.
6. Geen kinders.
7. **Stokperdjies: Sosiale Media.**
8. **Wat ek die meeste in Kokanje geniet is** die mense, hul vriendelikheid en dankbaarheid, en **NATUURLIK** Riaan Roets se kos!
9. **My Geliefkoosde Gesegde:** "It is, what it is." **Leuse:** "Difficult roads often lead to beautiful destinations."



L1. Nikki Stratford.

2. **11 jaar werkzaam in Kokanje.**
3. **Tegniese Assistent (Werkswinkel).**
4. **Belangrikste take: Aankope van voorraad en werkskaarte uitdeel.**
5. Enkellopend.
6. **2 Dogters en 2 Kleinseuns.**
7. **Stokperdjies: Foto's neem, swem en parkrun.**
8. **Ek geniet dit baie om al die Inwoners te kan help en bystaan.**
9. **"Ek gaan ook oud word en ek hoop iemand gaan my dan ook so mooi help..."**



M1. Rita Deck.

2. Werksaam in Kokanje: **25 jaar (April 2024).**
3. Posbeskrywing: **Krediteure- en Salarisklerk.**
4. Heel belangrikste take: **Doen hoofsaaklik krediteure, kasboek van KBV en salarisse.**
5. **Getroud.**
6. **2 kinders. Dogter is getroud en het 'n dogtertjie. Seun wat ongetroud is.**
7. Stokperdjies: **Hou van kralewerk, mosaïek en lees.**
8. **Al die mense van Kokanje is baie spesiaal. Ek is baie lief vir die Inwoners en ek het al baie waardevolle lesse by hulle geleer oor die jare!**
9. **My geliefkoosde gesegde/leuse: " 'n Mens hou nooit op leer nie, al is jy hoe oud – daar is altyd iets nuut wat jou interesseer en wat jy wil probeer!"**



N1. Dineo Nooe.

2. Werksaam in Kokanje: **3 Jaar.**
3. Posbeskrywing: **Rekeninge/Debiteure.**
4. My Heel Belangrikste taak: **Rekeninge.**
5. **Enkellopend.**
6. **Geen kinders.**
7. Stokperdjie: **Hardloop (Beplan om volgende jaar die Comrades te doen.)**
8. **Wat geniet ek die meeste in Kokanje? RIAAN SE KOS!!!! O, en al my gunsteling Omies en Tannies.**
9. **My Geliefkoosde Gesegde/Leuse: "Make peace with your broken pieces."**



O1. Henriëtte Els.

2. Hoe lank werksaam in Kokanje: **1 jaar en 4 maande.**
3. Posbeskrywing: **Maatskaplike Werker.**
4. Heel belangrikste take: **Om die Maatskaplike Welstand van ons Inwoners te verbeter en om hulp te verleen waar ek kan. Om Jesus se liefde uit te dra na ander!**
5. **Getroud.**
6. **2 wonderlike seuns. Een is amper 21 en die ander een amper 18.**
7. Stokperdjies: **Tuinmaak en rondsnuifel in tweedehandse winkels vir spesiale oudhede.**
8. **Wat geniet ek die meeste in Kokanje? Sy mense met al hulle unieke persoonlikhede en stories. En, almal se vriendelikheid en omgee vir mekaar.**
9. **My geliefkoosde gesegde/leuse: 'n Mense is nooit te oud om te leer nie/As ek nie kan help nie, dan vind ek uit wie kan/Daar is nie iets soos "Ek kan nie!"**



P1. Santie Strydom.

2. **Werksaam in Kokanje vanaf 18/06/2024.**
3. Posbeskrywing: **Administratiewe Beamppte en Kassiere.**
4. My heel belangrikste take: **Ontvangs en kassiere.**
5. **Weduwee.**
6. **3 Dogters en 1 skoonseun.**
7. My Stokperdjies: **Tuinmaak, fotografie en enige kunswerk.**
8. **Wat geniet ek die meeste in Kokanje: Om met al die dankbare harte te kan werk wat Kokanje so aangenaam maak.**
9. **My Geliefkoosde gesegde/leuse: "Laat elke sekonde tel, want môre is geen waarborg en tyd staan vir niemand stil nie."**



SUSAN WEBER SE MOEILIKE, MAAR BEREKENDE KEUSE/BESLUIT

Goeiedag aan al die Kokanje-Inwoners!

Ek en my dogter, Juané, het veilig in Kanada aangekom – ons is nou weer herenig as gesin. Janes en Cornell stuur ook groete.

Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om vir elkeen wat oor my pad gekom het vanaf November 2005 tot Mei 2024 **BAIE DANKIE** te sê vir die jare wat ek vir u van diens kon wees en veral die geselsies, drukkies, bemoediging en sommer so 'n grappie of twee in die verbygaan van u kant af! Dit was vir my so aangenaam om te help waar ek kon.

In die Poskantoor het ek baie Inwoners leer ken en daar is meer as net werk gepraat... Tydens die byna 2 jaar by die Ontvangstoonbank het ek ook die nuwer Inwoners goed leer ken.

Dankie vir almal se inloer om te hoor hoe dit gaan, maar tydens die lekker dol dae kon ons net vir mekaar waai wanneer u verbystap.

Aan al my persoonlike kliënte wat van Q4U gebruik gemaak het om motorlisensieskywe of registrasie van voertuie te laat doen, wil ek baie dankie sê vir jul ondersteuning – dit was 'n groot plesier om u van diens te kon wees!

Ons wens Liza, ons Snoepie-Buurvrou vir menige jare, ook sterkte en voorspoed toe met haar nuwe, groter besigheids-onderneming in Kokanje. Mag jy en jou assistente absoluut van krag tot krag gaan!

Laastens... wil ek elkeen bedank wat al ons huishoudelike artikels (wat nie saam met ons oorsee kon trek nie) aangekoop het via Koop-en-Verkoop. **Groot waardering!**

**Ek wens u elkeen
'n baie voorspoedige en
gesonde lewenspad
vorentoe.**


**Dit was so aangenaam
om u elkeen te leer ken!**

Liefdegroete
**Susan
Weber**



**Namens KOLLIG en
die hele Kokanje
wens ons
Susan, Janes en hulle gesin
die heel beste toe
in die vreemde.
Ons bedank haar vir haar
vriendelike en uiters
professionele werkswyse en
hoop dat sy van tyd tot tyd
nog nuus sal stuur en foto's
om ons op datum te bring
met hulle nuwe
ondervindings en al die
gebeure in hulle nuwe land.**

**(Sien kleurcollage op bladsy
25 – langsaan).**



ENIG IN HAAR SOORT!

My werksbuurvrou, Susan Weber, was vir my soos 'n geliefde suster! Ons het mekaar leer ken in 2005 toe my ma, Johanna, die Kokanje-Kiosk begin bestuur het en ek van tyd tot tyd in die winkel gewerk het.

Susan is 'n omgeemans en sy het soms uit die Poskantoor kom kuier en handgegee wanneer dit 'n bietjie dol gegaan het. Haar dogter was ook 'n voorslag in die Kiosk. Susan en haar dogter, Juané, het altyd saam met my en my gesin by die Kiosk se Karnavalstalletjie diens gedoen. **Baie dankie vir julle betrokkenheid oor die jare!**

Ek kon altyd op Susan se weldeurdagte raad reken en sy was 'n groot steunpilaar toe ek die uitbreiding aan die Kiosk begin oorweeg het.

Ek onthou nog die 2 verrassingsooievaarsteefunksies wat sy in die Lapa gereël het toe ek my seuns (nou 10 en 13) verwag het. Sy het hulle eintlik saam met my grootgemaak...

Nadat Janus Kanada toe vertrek het, en tydens Susan en haar dogter se finale dae in Suid-Afrika, kon ek en my gesin (as geringe bewys van ons jarelange dankbaarheid teenoor hulle) weer ons hande van ondersteuning na hulle uitreik.

Susan, ek mis jou geweldig baie! Ek wens jou en jou gesin alle voorspoed toe en dat alles wat julle aanpak in julle nuwe land baie suksesvol sal wees.

Liza Oosthuizen



**DANKBETUIGING
AAN**

**SUSAN
WEBER**

November 2005 tot Mei 2024

**(18 1/2 JAAR SE GETROUE EN
UITERS PROFESSIONELE DIENS
AAN KOKANJE!)**



**GESIN HERENIG IN KANADA...
BAIE VOORSPOED OP JULLE
PAD VORENTOE!**





Uit die diepte van ons harte wil ons 'n GROOT dankie sê vir die ongelooflike ondersteuning en liefde wat ons vanuit die Kokanje-gemeenskap ontvang. Hunky Dory sou nie dieselfde wees sonder elkeen van julle nie. Of jy nou inloer vir 'n koppie koffie, 'n sny koek, of net om die knus atmosfeer in te neem, ons is altyd opgewonde om julle glimlaggende gesigte te sien.

Baie
dankie!

**117 Nelson Mandela
Street
Modimolle
083 490 8598**

Good
Morning



THIS LITTLE BAG CONTAINS THE
FOLLOWING -

A PENNY, so you'll never be
broke
STRING, to hold it together in
tough times
A MARBLE, for when you lose
yours
A SWEET, to remind you of the
nice things in life
An ERASER, to rub all your
mistakes away
A PLASTER, to heal you when
you hurt
A CANDLE, to light up your dark
days
A HEART, so you know someone
loves you
A STAR, to wish upon
Covered with many BLESSINGS



STUDIO H
THE ART OF HAIR DESIGN
UNISEX SALON

Herman Niewenhuis

Kerkstraat 105, Modimolle

Sel: 061 354-0459

CHRISTIENNE ROBBERTZE BESKOU KOKANJE AS VOLG...

Sy besoek Kokanje gereeld om opleiding te gee.

Ek het in Augustus 2022 vanaf Kokanje na die Wes-Kaap verhuis (ook weer na 'n afreë-oord), sodat ek naby my enigste seun, dogter en my 3 kleinkinders kan wees en hulle hul dan nie oor my hoof te bekommer nie.

Kokanje het my altyd genoeg ruimte gegee om na my afrede voort te gaan met my "mens-wees!" Die uitleg van die huise, kantoorgeboue, kombuis, eetkamers en sportfasiliteite skep die indruk van **SPASIE/RUIMTE**. So ook die wandelpaadjies in die natuur, die reuk van die veld veral na 'n lekker bui reën, die verskeidenheid voëls, duikertjies, rooibokke, gebande muishonde en ja, tot die luislang...

Dan natuurlik is daar die **omgee en samehorigheid** van die Inwoners van Kokanje. Hul betrokkenheid word baie sterk ondersteun deur mekaar en ook die Bestuur. Dit is absoluut uniek! Volgens my mening is dit omdat die verskeidenheid aktiwiteite (meer as 26 klubs en komitees) geïnisieer en bedryf word deur die Inwoners self. Daar is 'n groot verskeidenheid sportsoorte, kul-

tuur, sang, opvoerings, dans en fliëks – om maar 'n paar te noem. Wat ek veral mis is die Voetslaanklub en natuurlik die Tuinbouklub en hul aktiwiteite!

In die eetsale kuier Inwoners gedurende die week bymekaar en geniet die heerlike maaltye wat ek beslis nie vir myself sal maak nie. **En... O mensdom! Riaan, daardie Melkkos!** Daar is geen bekommernis t.o.v. hoofmaaltye gedurende die week – wat betref beplanning, aankope, voorbereiding en was van skottelgoed nie. 'n Mens kom eers agter watter voorreg dit was wanneer dit nie meer tot jou beskikking is nie. Glo my, die voortdurende pogings om vir myself kos te maak, verg groot uitdagings! **Wees dankbaar en vertroetel hierdie voorreg. Dit is kosbaar!**

Ooo! En dan die voordeel van die Werkswinkel se instandhoudingswerk. Van die geringste, soos die ruil van 'n gloeilamp, tot die GROOT dinge, soos die vervanging van 'n geiser. Dit is alles net 'n ou Werksversoekvormpie of Noodoproep ver!

Dit was vir my 'n groot voorreg om met my stokperdjies, en selfs met my beroep te kon voortgaan. Nadat Nico oorlede is, was dit dalk die belangrikste oorlewingsmaatreeël in my lewe (my kinders ingesluit!). Dit was 'n voorreg waarvoor ek oneindig dankbaar is.

Ander fasiliteite wat beskikbaar is in Kokanje is bv. die voltydse Mediese Dokter, Gesondheids- en Ondersteuningsdienste, Bybelstudies, Interkerklike Dienste, die Haarkapster, Voet- en Nael-sorg, hulp met Vervoer, die Kiosk, Hoekwinkel van die Hulpfonds en daar is selfs 'n uitreik deur Inwoners na die dorp en sy gemeenskap. Die verskeidenheid is so uniek – **ek weet nie van nog so 'n plek in Suid-Afrika nie!** **Geniet Kokanje!**

Elke keer as ek weer by Kokanje kom werk, dank ek Onse Vader dat Hy in Sy Grootheid vir my en Nico die voorreg gegee het om hier te kon bly, kosbare vriende te kon maak en om aan te gaan met 'n produktiewe lewe, om so ook Sy Naam te verheerlik!

Vriendskap gaan nie oor hoe lank julle mekaar ken nie, maar wie in jou lewe gekom, en nie weer weggegaan het nie.



Christienne en wyle Nico Robbertze.

Life has taught me
I am not always in control.
Life is full of experiences,
lessons, heartbreak, and pain.
But, it has also shown me
love, beauty, possibility, and
new beginnings. Embrace it
all. It makes us who we are,
and after every storm comes
a clear sky.

DOELBEWUSTE LANDSWYE WANBEGRIFFE OOR BEJAARDEVERSORGING

Bladsy 1.

A.g.v. my LANDSWYE betrokkenheid by die opleiding van Versorgers (Caregivers), dus t.o.v. my besoeke aan Ouetehuse, Aftreeoorde se Versorgingseenhede, asook private huise, blyk dit dat daar LANDSWYD baie onkunde is t.o.v. die hantering van verswakte en bedlêende bejaardes.

Hierdie onkunde WORD LANDSWYD UITGEBUIT deur ANDER AFTREEOORDE en daar word doelbewus die verkeerde inligting aan voornemende kopers voorgedru, wat lei tot foutiewe besluitneming met erge nagevolge vir die verswakte bejaarde, die gade en die familie.

Daarom wil ek graag 'n paar begrippe verduidelik wat deur Kokanje-Inwoners aan hulle familie en vriende meegedeel kan word en daardie voornemende kopers hopelik tot beter besluitneming sal lei.

Kokanje bied al die volgende dienste aan en indien ander aftreeoorde nie oor hierdie fasiliteite beskik nie, is hulle besig om 'n rat voor u vriende en familie se oë te probeer draai.

HOE VERGELYK ANDER OORDE SE DIENSTE MET DIÉ VAN KOKANJE?

Ongelukkig met die bemerking en verkope van huise by baie aftreeoorde, word die wortel voor die neus gehou dat daar wel Versorgingseenhede is, en word daar voorgegee dat daar sulke fasiliteite is, of dat dit in die beplanningstadium is, om so huise te kan bemark.

Die tendens by Ander Aftreeoorde in Suid-Afrika is dat Versorgingseenhede geprivatiseer word as 'n Besigheidsaangeleentheid, wat dan bedryf word as 'n "Step-down" – dus die tydperk van

herstel na 'n siekbed of operasie, waar die mediese fondse die "Step-down" betaal (of anders betaal die bejaarde self). **DIE FOKUS IS DUS NIE OP DIE PERMANENTE VERSORGING VAN VERSWAKTE BEJAARDES OF TERMINAAL SIEK PERSONE NIE.**

KOKANJE SE VERSORGINGSDIENSTE ✓

Wat behels versorging van verswaktes?

Die verswakte persoon wat hoofsaaklik bedlêend is. ✓
Die persoon is 24/7 afhanklik van ander om na hom of haar om te sien. Hierdie verswakte persoon moet gewas word in die bed, doekie moet ten minste 3-4-uurliks geruil word, posisie moet 3-4-uurliks verander word om druk-sere te voorkom, die persoon moet gevoer word en omtrent elke 2 ure moet 'n bietjie vog gegee word. Die toediening van medikasie verg ook voortdurende aandag. Dit is maar 'n druppel in die emmer om slegs sekere van die veelvuldige bedruskomplikasies te voorkom! **Hierdie tipe van intense versorging moet dus dag en nag deur 'n span hanteer word!**

Die Versorgingseenheid of Tuisversorging? ✓

1) Wanneer daar 'n **Versorgingseenheid** beskikbaar is, bied dit die dienste van 'n toegeruste fasiliteit om verswakte bejaardes te versorg, asook voltydse dag- en nagpersoneel.

2) **Tuisversorging:** Bejaarde bly steeds in sy eie huis en funksioneer "onafhanklik" van die oord se ondersteuningsdienste). ✓
Wanneer daar nie 'n versorgingseenheid is nie (of daar nie van so 'n eenheid gebruik gemaak wil

word nie), moet die gade of die familie self die versorging doen en dit is wanneer Versorgers gehuur word. ✓

Hulle werk skofte, waar aflosse nodig is, en kan baie "vorms" aanneem om sodoende dag en nag te dek. Hier is baie probleme wat opgelos moet word, soos die aanpassing om ander in die huis te akkomodeer t.o.v. hul higiëne, etes en inbly of inslaap. Om veral die regte persoon te kry wat omgee en wat 'n goeie karakter het, bly maar een van die grootste uitdagings. Heelwat van die Inwoners van Kokanje maak gebruik van hierdie dienste.


3) Dan is daar Tuisversorging (Ondersteuningsdienste) waar ondersteuning deur die Oord verskaf word. ✓

Die Oord verskaf 'n diens deur op die kort- of langtermyn en op versoek, hulp te bied by die bejaarde se huis met higiëniese behoeftes, wondversorging, hulp met die neem van medikasie, om 'n paar te noem. Dus is daar geen voltydse hulp van Versorgers vanaf die Sorgsentrum nie. Gewoonlik word hierdie ondersteunende diens 'n paar keer deur die dag verrig (en soms in die nag deur die Versorgingsdiens se personeel).

Wat bogenoemde versorgingsaspekte betref, is daar baie variante, soos die uniekheid van



die bejaarde en die familie asook die finansiële aspekte wat in ag geneem moet word.



DOELBEWUSTE LANDSWYE WANBEGRIPE OOR BEJAARDEVERSORGING

Bladsy 2.

*** √? In Kokanje is nommer 4 en 5 nog in die proses –
daar word op registrasie gewag.**

4) “Assisted Living.” * √?

Dit is wanneer daar ’n eenheid is waar die persoon nog in ’n mate mobiel is, maar hulp nodig het om te was of te stort, toilet toe te gaan, aan te trek, hare te was, voete en naels te versorg, ens. Dikwels kan hulle nog met behulp van hul stootkarretjie (walker) of rystoel na die eetsaal of ontspanningsarea gaan. Een van die groot voordele hier is dat daar baie minder personeel benodig word, maar dat daar wel elke uur, dag en nag rondtes gedoen word om te kyk of alles in orde is by elke individu in hierdie eenheid.

5) Dan is daar ook “Home-based Care”. (SETA-kursus.) * √?

Wat fokus is op daaglikse huishoudingsaspekte soos kook, stryk, algemene skoonmaak en “companionship.” Die leemte in hierdie “kurrikulum” is dat dit nie die versorging van verswakte bejaardes insluit nie.

6) **Versorgers (Caregivers).** √

Is wetlik verplig om opgelei te wees wanneer hulle in versorgingseenhede van bv. Ouete-huise of aftreeoorde werk. Die doel is dus om bejaarde- en palliatiewe versorging van terminaal siek personee effektief te kan hanteer. Kokanje lei tans Versorgers op wat nie die nodige kwalifikasies het nie deur SETA-geakkrediteerde kursusse wat beide Bejaarde-sorg sowel as Palliatiewe versorging van terminaal siek personee insluit.

In ’n neutedop wil ek ook net graag ’n paar aspekte van goeie sorg uitlig, en dit is gewoonlik my eerste indrukke wanneer ek in ’n versorgingseenheid instap en waaraan ek dan die sorg meet: √

- Vriendelike, saggeaarde en behulp same personeel waar die bejaarde leef sonder vrees of diskriminasie. (En ja, bejaardes en families kan baie veeleisend wees!)

- Geen drukserie en kontrakture.

- Vogbalans (inname van vog) ten minste elke 2 ure sodat persoon nie dors word nie, want dit lei tot disoriëntasie, droë mond en aanpaksels.

- Min (geen) insidente wat lei tot beserings.

- Goeie deurlopende (24/7) higiëne van die bejaarde (met die klem op 4-uurlikse doekrondtes of meer dikwels as daar dus ’n stoelgang is).

- Voortdurende program (deurlopend deur die dag) van stimulering vir die bejaarde met Demensie/Alzheimer, deur die volle span betrokke.

- Deurlopend geen urine- of ander reuke nie.

- Goeie deurlopende higiëne en instandhouding van die eenheid.

- Effektiewe rekordhouding, rapportering en opvolgsisteme.

- Deurlopende gestruktureerde “saalinspeksies” waarvan rekord gehou word, met die nodige aksieplanne.

- Indiensopleidingsprogramme gemik op verbetering van sorg en uitvoering van aksieplanne wat deur rekordhouding bevestig word.

Uit die bogenoemde inligting is dit baie duidelik dat Kokanje uniek is in alle opsigte, en dat die Bestuurspan werklik ’n groot poging aanwend om die bogenoemde standaard te behou en te verbeter.

Ek wil die Bestuur gelukwens en bedank vir hul toewyding en omgee!

Ook wil ek die Kokanje-Inwoners bedank en aanmoedig met die ondersteuning en omgee wat julle vir mekaar en Kokanje openbaar! Dit moet soos goud bewaar word!



Die Woord sê dat **“wat ons aan die geringste doen, dit doen ons vir Hom!”**

Liefdegroete
**Christienne
Robbertze**



KOKANJE VIR 'N BEKOSTIGBARE, RUSTIGE EN VEILIGE VERBLYF IN 'N BOSVELDOMGEWING

(OPSOMMING.)

5 April 2024.

Omsendskrywe 003/2024.

Andries Visagie: Uitvoerende Bestuurder.

OPNAME-BELEID EN KOSTES VAN AFDELING F.

Afdeling F is ontwikkel met die doel om **tydelike versorging** aan Inwoners van Kokanje te verskaf.

Afdeling F is **NIE geregistreer om 'Stepdown'-versorging te bied nie.**

Afdeling F is ongelukkig ook **NIE geskik om Inwoners met demensie op te neem nie.**

1. Rehabilitasie, 'Respite' en Herstelsorg.

(a) 'n **Tydlike diens** wat gelewer word aan Inwoners wat self vir die diens aansoek doen, veral as daar niemand tuis is wat kan help nie. Om aan te sterk na 'n operasie of 'n mediese prosedure, om met die hulp van fisioterapeute te leer om hulpmiddels te gebruik, om te herstel van siektes (nie-oordraagbaar), na fisieke trauma soos val en seerkry, totdat die persoon sodanig herstel het dat sy/hy terug kan gaan huis toe.

(b) Inwoners wat self iemand versorg (gewoonlik 'n gade), kan ook aansoek doen om dié persoon **tydelik** te laat opneem om die Versorger 'n nodige blaaskans te gee, of tyd om aan eie sake aandag te skenk.

Prosedure: Moet vooraf bespreek word by die Bestuurder: Versorgingsdienste.

Kostes: Opname vir rehabilitasie, 'respite' en herstelsorg kos **R850** per dag. Dit sluit

personeelkoste, dienste en ekstra etes in (oggend en aand, tee/koffie en versnaperinge) – naweke en vakansiedae.

Die Inwoner is self verantwoordelik vir alle gebruik-items asook vir die rekeninge van fisioterapeute, arbeidsterapeute of dokters wat hulle besoek.

2. Verswakte bejaardes wat wag vir 'n bed in die KE.

Verswakte bejaardes wat reeds geëvalueer is (die wetlik voorgeskrewe DQ98 evalueringsproses) en reeds goedgekeur is deur die keuringskomitee vir permanente opname kan **tydelik** in Afdeling F opgeneem word voor oorplasing.

Kostes: Die gewone KE tarief naamlik **R4 332** per maand. (R993 vir water en elektrisiteitsgebruik, asook R3 339 vir ekstra etes.) **Die gewone maandelikse heffing word steeds betaal en word van u huis na die KE oorgeplaas.**

Alle gebruik-items en mediese rekeninge moet deur die verbruiker self betaal word.

3. Verswakte bejaardes wat 'n gesondheidsinsinking beleef.

Reeds verswakte bejaardes (dikwels nog tuis, met hulp van Ondersteuningsdienste) beleef soms 'n gesondheidsinsinking of doen beserings op wat **24-uur versorging** vereis of kwalifiseer vir permanente opname in die KE.

Kostes: Verswakte bejaardes wat 'n insinking beleef, betaal **R250** per dag vir die eerste 5 dae. Van die 6e dag af word die KE tarief van **R4 332** per maand pro rata bereken.

Alle gebruik-items en mediese rekeninge moet deur die verbruiker betaal word.

Let asseblief daarop dat dit nog NOOIT gratis was wanneer 'n persoon permanent in die KE opgeneem word nie. Daar was nog altyd 'n KE tarief PLUS die Kokanje heffing betaalbaar.

Ons is baie trots daarop dat Kokanje steeds (deur ons unieke vorm van kruissubsidiëring) versorging kan verskaf teen ten minste **1/3 van die prys wat dit in baie ander versorgingseenhede sou kos.**



ESS EMMANUEL SHUTTLE SERVICES

BETROUBARE DRYWERS

**LUGHAVE
DAG TOERE
PRIVAAT RITTE
SHUTTLEDIENS**

LIMPOPO GAUTENG

KONTAK VIR 'N KWOTASIE



Amaro: 083 379 6961



Vicki: 082 756 7676



emmanuelshuttleservice@gmail.com

BOSVELD GLASS

**WINDSCREENS | AMBER
PACIFIC | CLEAR GLASS
& SHOWER DOORS**

**FREE QUOTATIONS IN
A RADIUS OF 20KM**

**WE WORK FAR AND WIDE
MOOKGOPHONG | VAALWATER
BELA-BELA | MODIMOLLE**

Tel: 014 000 4568

Cell: 078 873 4914

bosveldglas9@gmail.com

105B Thabo Mbeki Str, Modimolle

BERGKONINKRYK GASTEPLAAS

Bergkoninkryk Gasteplaas is geleë in die pragtige Waterberge, 9km buite Nylstroom. Kom geniet die rustigheid van die natuur en ervaar die bosveld stilte.

Ons akkommodasie voorsien aan almal se behoeftes.

Windswael slaap 11, ideaal vir familie kuiers.

Bateleur slaap 8, met sy heerlike kuier stoep.

Visarend slaap 6, lekker privaat eenheid met mooi uitsig.

Piet my Vrou en Bosloerie slaap elk 6 en is ons lapa tente eenhede vir die "glamping" ervaring.



**Lapa beskikbaar vir funksies
en konferensies**

Sulita de Kock
0713540110 sulita.dekock@gmail.com
www.bergkoninkrykguestfarm.com



**Hannelie de Beer
Fisioterapie**

(Praktyk: 961906)

**Besoek Kokanje 3 keer per week.
Sien kliënte in die versorgingseenheid
of in die gerief van jou eie huis.**

**Skakel Hannelie
by 078 426 9685**



164 Kerk Straat, Nylstroom, 0510

JOU ALGEMENE HARDEWARE WINKEL



- BOUWARE
- ELEKTRIES
- HAND-GEREEDSKAP
- LOODGIETER PRODUKTE
- TUINBOU GEREEDSKAP
- VERF



☎ 015 880 1844

📞 063 784 5597

1115 NEPTUNE STRAAT MODIMOLLE, 0510

www.devilliershardware.co.za



Solitaire *Hair*
by Mariana • MODIMOLLE •



Left to right:
Zephni, Bekkie,
Mariana, and
Corinne.

kalahariTM
ancient desert secrets

by
Carina Franck

Trusted skincare brand from ancient
desert secrets with de-aging properties

Stockists of:

NIOXIN
RESEARCH LABORATORIES, INC.
#1 solution for thinning hair

REDKEN
5TH AVENUE NYC



PAUL MITCHELL
PROFESSIONAL SALON PRODUCTS

INDOLA
EXCLUSIVELY PROFESSIONAL

Kadus
PROFESSIONAL



COLLAGEN

Schwarzkopf

Services:

We only use the best quality products on our clients

- Colour & Cut • Perm
- Brazillian hair straightening treatment
- Brides & bridesmaids (can arrange to travel to venue)
- Extensions • Highlights
- Variety of hair treatments • Gents & Boys cuts

LOADSHEDDING?

No problem – we can still help!

Mariana 072 823 2806

Zephni 079 142 6056

Corinne 082 468 3803 (Nails)

VERSORGINGSDIENS SE

5 NUWE NOODKNOPPIES IN KOKANJE – IN GEVAL VAN NOOD TYDENS SPORT- EN ONTSPANNINGSSESSIES

**INDIEN DAAR 'N NOODSITUASIE
ONTSTAAN, DRUK DIE KNOPPIE EN
ROEP DADELIK DIE HULP VAN DIE KE IN!**

Posisies van die Spesiale Noodknoppies:

1. In die **Kokanje-Saal**, by die dubbeldeur wat lei na die gang verby sr. Pulane se kantoor.



2. In die **Kokanje-Lapa**, by die seildeur aan die kombuisie se kant. Langs die Brandblusser.



3. In die **Sportsaal**, teen die regterkantste muur by die dubbel ingangsdeur.



4. By die **Jukskeiklubhuis** se kombuisdeur.



5. Buite die **Rolbalkklubhuis** se dubbeldeur. Links onder die luidspreker.



**Die nodige kennisgewings
sal binnekort
langs elke noodknoppie
aangebring word.**

WENKE IN GEVAL VAN NOOD TUIS:

SLEUTELS

Wanneer u gaan slaap, sluit u voordeur, trek die voordeur-sleutels uit die sleutelgat en hang dit aan 'n hakie agter u deur.

In 'n geval van nood kan die spaarsleutels, wat by u bure of in die Kokanje-Eenheid vir Verswakte Inwoners (KE) gebêre word, onmiddellik gebruik word om toegang tot u huis te verkry en u by te staan.



**Whatever you do today
do it with the confidence
😊 of a 4 year old
in a Batman T-shirt.**

KOKANJE-VOEDSELDIENS – BIED SPESIALE EN GESPECIALISEERDE ETES AAN VIR ONS INWONERS

Spesiale Etes

Persone met hoë cholesterol, hoë bloeddruk, diabetes, of hartsiektes se voedsel word voorberei sonder sout, suiker, botter en speserye.

Om te kwalifiseer om van hierdie diens gebruik te maak, word 'n Doktersaanbeveling benodig. Dit word gemoniteer deur 'n kaartjiesstelsel. Elke persoon ontvang 'n kaartjie wat op die bord in die Eetsaal hang en tydens elke ete word die kaartjie ingehandig by die Spesiale Ete Opskeppunt.

Hierdie persone mag **slegs** by die Spesiale Ete Opskeppunt hul etes laat opskep en nie by die Gewone Etes Opskeppunte nie. Indien hulle gesondheid verbeter het en hulle nie meer van die diens gebruik hoef te maak nie, word die kaartjie aan die Voedseldiensbestuurder teruggehandig. Indien so 'n persoon op 'n latere stadium weer van hierdie diens gebruik moet maak, as gevolg van hulle gesondheid wat weer verswak het, moet 'n nuwe Doktersaanbeveling ingehandig word.

Gespesialiseerde Etes

Persone met ingewandsprobleme, slukprobleme of persone wat medikasie gebruik wat spesifiseer dat byvoorbeeld geen groen groentes ingeneem mag word nie, kan van hierdie diens gebruik maak. Die selfde prosedures as by die Spesiale Etes geld om

van die diens gebruik te maak. Persone moet egter ook hulle voorgeskrewe dieetplan saam met die Doktersaanbeveling inhandig, om te verseker die regte voedsel word vir hulle voorberei. Hierdie etes word apart gehou van die Spesiale Etes en word persoonlik aan die persone oorhandig as hulle hul voedsel kom opskep by die opskeppunt. Die kaartjiesstelsel geld ook vir die Gespesialiseerde Etes.

Wanneer hierdie Inwoners met vakansie gaan, stel hulle ons in kennis en hulle vul ook die Aanmelding van Afwesigheidsvormpie in, soos normaalweg versoek word.

Ons poog dus om in al die Inwoners se behoeftes te voorsien. Meer inligting kan by my ingewin word.

Riaan Roets

Voedseldiensbestuurder.

Geen groen groentes (avokadopeer, ertjies, broccoli en kool, ens.) vir Warfarin-gebruikers.



FOOD PREFERENCES ALL OVER THE WORLD...

Vegan:

Eliminates all animal protein. **NO** Meat, fish, poultry, eggs, dairy products and honey.

Vegetarian:

Abstains from all animal flesh products, like red meat, fish and poultry.

Sub-types of vegetarians:

Lacto-ovo-vegetarian eliminates meat, fish and poultry but allows eggs and dairy products.

Lacto-vegetarian eliminates meat, fish, poultry and eggs but allows dairy products.

Ovo-vegetarian eliminates meat, fish, poultry and dairy products but allows eggs.

Pescatarian:

Abstains from eating all meat and animal flesh with the exception of fish, seafood like shrimp, mussels, salmon, caviare, crabs and lobster.

Flexitarian/Semi-vegetarian:

People who eat mostly vegetarian food but occasionally eat red meat, poultry, seafood and fish. The Mediterranean lifestyle is similar to this group.

Macrobiotic:

Popularized by the Japanese, the Macrobiotic diet isn't just about eating certain foods, it's also about achieving balance in your life through food choices. Macrobiotic eaters can have whole grains, vegetables and beans. About 40-60 % of the diet should be organically-grown grains, like brown rice, barley, millet, oats and corn. 20 to 30 % of the diet should be vegetables (with a high emphasis on Asian daikon and bok choy). 5 to 10 % is dedicated to beans and legumes, like tofu and tempeh.

They eat fresh fish and seafood and sea vegetables like seaweed, nori and agar, locally-

grown fruit, pickles and nuts.

No dairy, eggs, poultry, red meat, refined sugars along with tropical fruits, fruit juice and certain vegetables like asparagus, eggplant, spinach, tomatoes and zucchini. Anything spicy is strongly discouraged along with strong alcoholic beverages, soda, coffee and anything refined, processed or chemically-preserved.

Kosher food: Conforms to the strict Jewish dietary regulations in the Torah (first 5 books of the Bible).

Halal food: Used by the Islamic faith and described in the Quran.

Final Thoughts:

Your doctor or dietitian should always be consulted. And, care should be taken to use Vitamin B12 supplements as this is mandatory for a healthy body.

By: Lauren McRae and Vanessa Lennie, MS, RDN, LDN, Oncology Nutrition. Source: Webmd.com

083 310 8214 (24hrs)
engedimartins@gmail.com



Pers is 'n koninklike kleur, van respek en aansien. Die hoëpriester in die Bybel het ook pers aan sy kleed gehad. Slegs konings, priesters en die rykste manne het pers kledingstukke gedra omdat dit so duur was om te bekom. Om materiaal pers te kleur moes hul in die Mediteriaanse see gaan seeslakke bymekaar maak wat die ink afgee, dit het baie slakke gekos om die pers kleur te maak so dit was onsaglik duur. Die tempel se gordyn het met die kruisiging van Jesus van bo na onder geskeur wat beteken dat ons nie meer 'n hoë priester nodig het om na die Vader te gaan nie, ons kan nou deur Jesus na God gaan en bid. Wanneer ons dan in Jesus is word ons met Sy kleed bekleed om kinders van God genoem te word. Wanneer God na ons kyk dra ons wie in Jesus is elkeen so purper kleed. 💜

MODIMOLLE

101 Nelson Mandela Drive
015 280 0059

POLOKWANE

Unit 1 Casa Mia
23 Rabe Street
015 280 0048

MOKOPANE

121 Ruiters Road
015 491 2014

André de Lange (Franchisee)
083 310 8214

Carin de Lange (Franchisee)
083 577 8789

Chandré Olivier (Manager)
073 954 3535



Dit is tyd vir regpak!



Stap 1

Sorteer jou items in drie verskillende bokse: "hou", "skenk" en "gooi weg".



Stap 2

Pak jou skenkingsitems netjies in bokse of swart sakke.



Stap 3

Besoek www.onswinkel.co.za om jou naaste Ons Winkel op te spoor.



Stap 4

Gaan laai die skenkingsitems by jou naaste Ons Winkel af, of skakel ons om gebruik te maak van ons oplaaidiens.

Skakel Heléne by 0828919098

Raak moeiteeloos van jou ongebruikte of oortollige items ontslae.

Waarvoor word die fondse gebruik wat die Ons Winkels genereer?

Dit dra by tot die Helpende Hand Studietrust (HHST) wat rentevrye studielenings aan hulpbehoewende Afrikaanse studente bied wat anders nie sou kon bekostig om te gaan studeer nie.

Dit dra by tot die salarisse van maatskaplike werkers wat uitdagings in gemeenskappe kan aanpak.

Dit dra by tot streeks- en gemeenskaps projekte.

Gemeenskappe reg oor die land kan bygestaan en versterk word te danke aan die items wat jy skenk en koop.



2024 KARNIVAL





WINTER-KINDERPROGRAM



2024-WINTER-KINDERPROGRAM

'n Spesiale dankie aan Pieter Knoetze, Christie de Jager, Sue Wright en Rita Noeth.

Ons as oumas, oupas, mamas en pappas wil net baie dankie sê vir alles wat julle weereens vir ons kinders en kleinkinders gedoen het gedurende die Winter-skoolvakansie om dit so besonders vir hulle te maak!

(Sien kleurcollage op bladsy 38 – langsaan.)

Hulle kon nie wag om elke dag deel te wees van so 'n pragtige groep maatjies nie, om saam te speel, te lag, te plak en ook te leer van Kokanje se voëls...

Waar anders kry jy dit nog?

Net hier in Kokanje!

Baie dankie

Oupa Ben, Ouma Vien en Pappa Berno Grobbelaar.



DIE "BARGAIN"

Die pragtige jong dogter stap saam met haar ouma en broer die Sportsaal binne, tydens die Naaldwerkklub se Wintermark.

By die eerste tafel word daar onder andere "Double sided Polarfleece"-kombersies uitgestal. Die wit en wynrooi een met die woorde "I love my daddy/I love my mommy" trek die voornemende koper se aandag dadelik en sy laat haar linkerhand liefkosend oor die sagte kombersie streel.

Vervolgens vra sy om die kombersie oop te maak sodat sy die grootte kan sien. "Ek sal dit weer opvou" verseker sy die Verkoopsdame. Sy is hoogs tevrede, maar haar helder ogies bekyk die prys en skielik is daar 'n hartseer trek op haar gesig... Sy maak by die Verkoper seker dat die prys werklik R160 is en sê dit is te veel vir haar.

Sy stap traag agter haar ouma en broer aan en bekyk alles op die ander tafels – wintershandskoene, -serpe, -pantoffels, eetgoed en snuisterye te kies en te keur.

Die dogter keer weer terug na haar eerste keuse en streel weer saggies oor die kombersie.

Sy gesels met die Verkoper en die dame vra hoeveel sakgeld sy per maand van haar ouers ontvang – met die oog op 'n vooruitbetaling op haar volgende maand se sakgeld of selfs dat sy 'n lening by Ouma kan maak. "Nee, die prys is nie reg nie", sy skud haar kop en loop weer 'n draai.

Met haar terugkeer vra die Verkoper hoeveel "die regte bedrag" dan sou wees. "R120" antwoord die meisie. Die Verkoper het baie respek vir die vasberadenheid en oordeelingsvermoë van die kind ontwikkel en stem toe in om die prys te verlaag.

Onmiddellik helder die kind se gesig op en sy maak haar hand oop waarin die presiese bedrag in styfopgerolde note lê en dit word met trots aangebied. Verkoper en Koper loop saam na die sentrale betaalpunt en die R160 op die prysetiket word daar verander na R120 en onderteken. Die Verkoper kry 'n drukkie van waardering by die nuwe, trotse eienaar van die lekker warm kombersie.

Baie geluk Grootouers en Ouers! Julle het 'n uitstekende besigheidsdametjie in wording in Monique...

Sy het ook heerlijk ingeskakel by die Winter-Kinderprogram wat deur Klank-en-Beeld aangebied is.

Rita Noeth





MEGS
connecting you to the world
WATERBERG

**Gratis
Installasie en
maand tot
maand
kontrak.**

*bekostigbare
vesel internet in*

Kokanje

Geen verborge koste nie!

MEGS WATERBERG Pryse vir onbeperkte vesel internet

20/20 mbps vir slegs R299.00 per maand

50/50 mbps vir slegs R399.00 per maand

100/100 mbps vir slegs R799.00 per maand

**Skakel
ons gerus
vir meer
inligting**



Jozua Badenhorst
078 564 2224



Marlyna de Villiers
083 463 1741



Herman Booysen
078 156 8142

Sluit aan by MEGS en kry jou eerste maand gratis! Slegs geldig tot 30 November 2024

Veseloptyka: Hoe dit werk en die voordele bo ander internettegnologieë

MEGS Waterberg: U Vennoot in Veseloptyka in Kokanje

As u in Kokanje woon en op soek is na die beste internetervaring, kan MEGS Waterberg u help om die voordele van veseloptyiese tegnologie te benut. MEGS Waterberg spesialiseer in kostedoeltreffende en praktiese internetoplossings en dienste vir beide huis- en besigheidsvebruikers. Met ons ervaring en kundigheid kan ons u bystaan met die installering en instandhouding van veseloptyiese netwerke, sodat u kan voordeel trek uit vinniger, betroubaarder en meer stabiele internetverbinding.

In ons moderne wêreld waar vinnige en betroubare internetverbinding 'n noodsaaklikheid geword het, het veseloptyika as die beste tegnologie na vore getree. Hierdie artikel sal die werking van veseloptyika verduidelik en die voordele daarvan bo ander internettegnologieë uitlig, asook hoe MEGS Waterberg in Kokanje kan help met die implementering daarvan.

Hoe werk veseloptyika?

Veseloptyiese tegnologie gebruik dun drade van glas om data as ligpulsies oor te dra. Hierdie drade, bekend as optiese vesels, is baie dunner as 'n menslike haar en het die vermoë om groot hoeveelhede data oor lang afstande te dra met minimale verlies.

Die proses werk as volg:

- 1. Data-omskakeling:** Die internetdata wat gestuur moet word, word in ligpulsies omgeskakel deur 'n toestel genaamd 'n optiese sender.
- 2. Ligpulsvervoer:** Hierdie ligpulsies beweeg deur die optiese vesels. Die kern van die vesel weerspieël die lig binne-in, wat dit toelaat om met 'n hoë spoed oor lang afstande te beweeg sonder om sein te verloor.
- 3. Ontvangs en dekodeering:** By die ontvanger word die ligpulsies weer omgeskakel na elektroniese seine deur 'n optiese ontvanger, wat dan as verstaanbare data aan die eindgebruiker verskaf word.

Voordele van veseloptyika bo ander internettegnologieë;

Spoed: Veseloptyiese internet is veel vinniger as tradisionele koperkabel-internet. Dit kan spoed van tot 1 Gbps of meer bied, wat dit ideaal maak vir data-intensiewe toepassings soos streaming, aanlyn speletjies en groot lêeraflaai.

Betroubaarheid: Veseloptyika is minder vatbaar vir eksterne steurings soos elektromagnetiese interferensie, wat beteken dat dit 'n meer stabiele en betroubare verbinding bied. Dit is ook minder geneig om deur eksterne faktore soos weerstoestande beïnvloed te word.

Bandwydte: Veseloptyika bied baie groter bandwydte kapasiteit as kopergebaseerde tegnologieë. Dit beteken dat meer data gelyktydig oor dieselfde verbinding gestuur kan word sonder dat dit tot verswakking in prestasie lei.

Afstand: Veseloptyiese seine kan oor baie langer afstande beweeg sonder om kwaliteit te verloor, anders as koperkabels wat oor kort afstande seine kan verloor. Dit maak veseloptyika 'n beter keuse vir groot geografiese gebiede.

Deur vesel by jou huis te hê, verhoog natuurlik ook jou huis se verkoopwaarde.

Gevolgtrekking

Veseloptyiese tegnologie bied 'n vinnige, betroubare en veelsydige oplossing vir moderne internetvereistes. Met sy hoë spoed, betroubaarheid, groter bandwydte en lang afstandsvermoë, is dit duidelik dat veseloptyika die beste vorm van internet konneksie is. Vir diegene wat op soek is na die beste internetervaring, is die keuse van veseloptyika 'n logiese en voordelige stap. En met die hulp van MEGS Waterberg in Kokanje, is dit makliker as ooit om oor te skakel na hierdie gevorderde tegnologie.

Mbps (Megabitsse per sekonde) is 'n maatstaf van data-oordragspoed, wat aandui hoeveel miljoene bitsse (dataseenhede) elke sekonde oorgedra word.

Gigabitte is eenhede van data, met 1 gigabitte gelyk aan 1 miljard bitsse. Wanneer dit gebruik word in data-oordragspoed (Gbps), meet dit miljard bitsse per sekonde.

1 Gbps (Gigabitte per sekonde) = 1,000 Mbps.

Watter pakket moet jy kies?

	20/20 mbps	50/50 mbps	100/100 mbps
Gekoppelde toestelle	2-3	4-6	7-12
HD video streaming	1 TV	2 TV's	5 TV's
E-mail en Whatsapp	Ja	Ja	Ja

MEGS WATERBERG Pryse vir onbeperkte vesel internet

20/20 mbps vir slegs R299.00 per maand
50/50 mbps vir slegs R399.00 per maand
100/100 mbps vir slegs R799.00 per maand



Sluit aan by MEGS en kry jou eerste maand gratis! Slegs geldig tot 30 November 2024



WEESE 'n SEEN vir
iemand,
Wees die persoon
wat verstaan,
Wees die skouer
wat vertroos,
Wees die mond
wat bemoedig,
Wees die arms
wat omgee,
Wees die liefde
wat God in
jou saai.

LG

JA Creations

Decorators, Function Coordinators,
Suppliers of Upholstery, Furniture,
Home Decor, Curtains & Linen



JOHAN ESTERHUIZEN
☎ 081 554 6540
✉ johane1979@gmail.com

CHRIS DYZEL
☎ 079 891 4309
✉ chris.dyzel70@gmail.com



Liza's

Besigheidsure
Maandae - Vrydae
08h00 - 15h00
Saterdag & Vakansiedae
08h00 - 13h00

☎ 071 990 7345

LIZA'S Koffiewinkel en Kiosk:

Groot verskeidenheid vars gebak (koekies, beskuit, koeksisters en ander heerlike versnaperinge), lekkers, konfyte, koeldrank en droë vrugte.

Kom eet ontbyt, hou u verjaarsdagfunksie of bestel 'n sout of soet versnaperingsbord.

Ons hernu ook u Voertuiglisensies.



2024!



LIZA'S KIOSK EN KOFFIEWINKEL



**Prys-
wenners
van 'n
kompe-
tisie.**

**Liza
se
Kiosk
word
18
in
2023!**



**Ma
Johanna
en Liza
se Kiosk
word 10
in 2015!**





NAALDWERKKLUB Wintermark en Teetuin





Matthysen
a u d i o l o g y

Modimolle - Bela-Bela - Mookgophong


GEHOORVERLIES
affekteer nie net ons
kommunikasie nie,
maar ook ons
lewenskwaliteit en
gesondheid.

Hou jou ore fiks. Kies 'n gelukkige, gesonde lewe!
Ons kan jou help... 014 717 1139

**Kom besoek ons gevestigde
praktyk in Kokanje by Dr. Breedts, vir
persoonlike en professionele diens.**

- ▶ **Herstel & Dienste**
- ▶ **Gehoorbekkers**
- ▶ **Wasverwydering**
- ▶ **Gehooraapparaatpassings**
- ▶ **Ondersteunende luistertoestelle**
- ▶ **Gehoortoetse**
- ▶ **Verstellings**
- ▶ **Batterye**

Skeduleer u afspraak by 014 717 1139



Water Exchange

Rent a water cooler dispenser for only ZAR 399.00 per month. 100L water included per month.



water
for living better

071 361 8073

Cnr. Nelson Mandela/Pretorius Str.
Old ABSA Building, Modimolle

DIE KOKANJE-HULPFONDS – 'N TWEEGESPREK

Vraag: "Ekskuus mens, waarvan praat jy nou? Ek is nuut hier in Kokanje. **Wat is die Hulpfonds?**"

Antwoord: "O jammer, ek het nie besef dat jy nie weet nie, die Hulpfonds is 'n **Hulporganisasie** wat **slegs** in Kokanje werksaam is. Die organisasie is 10 jaar gelede deur 'n aantal vrywilligers gestig en word deur 'n Bestuur, met 'n Grondwet as basis, geadministreer. Die Kokanje-Hulpfonds is dus 'n Fonds wat **deur** Kokanje-Inwoners **ten bate van** Kokanje-Inwoners bedryf word."

Vraag: "Sê 'n bietjie vir my, wat is die **Doel** van die Hulpfonds en **Wie** kwalifiseer vir hulp uit die Fonds?"

Antwoord: "Die **Doel** is om Kokanje-Inwoners, wat om verskeie redes finansiële suksesse om **hulle Heffings** te betaal, te subsidieer. Alle Inwoners wat langer as 2 jaar in Kokanje woonagtig is, kwalifiseer om vir hulp aansoek te doen. Volgens die **Grondwet** kan die Hulpfonds **slegs hulp met die betaling van Heffings** verleen."

Vraag: "Vertel my asseblief, **Hoe** doen 'n mens by die Hulpfonds aansoek vir hulp?"

Antwoord: "Dis maklik. Jýself kan, óf jou familie óf jou vriende kan namens jou, aansoek doen deur of die Maatskaplike Werker van Kokanje of iemand van die Bestuur te nader. Daarna sal 'n evalueerder uit die Bestuur na jou kom om jou aansoek deur te gaan en te evalueer. Die evalueerder berei dan 'n verslag met 'n aanbeveling aan die Bestuur voor. Nadat die aansoek **Anoniem** bespreek is, word 'n besluit geneem en jy word dienooreenkomstig ingelig."

Vraag: "Waar kom die **Fonds** van die Hulpfonds vandaan?"

Antwoord: "Die Hulpfonds genereer hoofsaaklik op die volgende maniere die Fonds waarmee suksesvolle aansoekers gehelp word.

1) Inwoners skenk allerlei goedere en klere aan die Hoekwinkel (dit is die verkoopsplatform van die Hulpfonds) wat dit verkoop en die geld word dan deur die Hulpfonds aangewend om suksesvolle aansoekers te help deur hulle heffings te subsidieer. (Dit is ook moontlik om testamentêr die inhoud van jou huis aan die Hulpfonds te bemaak.)

2) Inwoners teken 'n aftrekorder by die Kokanje-Administrasie om 'n bedrag by hulle maandelikse rekening te voeg en dan aan die Hulpfonds oor te betaal. Daar is ook Inwoners wat d.m.v. 'n EFT maandeliks 'n bedrag direk in die bankrekening van die Hulpfonds betaal

**Kokanje Hulpfonds.
Bank: FNB.
Rekeningnommer:
62621472927.**

3) Inwoners kan ook 'n Erflating aan die Hulpfonds bemaak.

4) Van die Kokanje-klubs soos o.a. die Taphuis en die Kokanje-Golfdag doen 'n jaarlikse skenking aan die Hulpfonds.

5) Oor die jare het die Hulpfonds 'n reserve opgebou en die rente op hierdie reserve word ook as bedryfskapitaal aangewend."

Vraag: "Is daar enige **belastingvoordele** vir my as ek 'n skenking of donasie aan die Hulpfonds maak?"

Antwoord: "Die Hulpfonds is in die proses om as NOW (Nie Winsgewende Organisasie) te registreer. Sodra dit afgehandel is, sal die Hulpfonds 'n Artikel 18a kwitansie aan donateurs kan uitreik wat hy/sy kan gebruik vir toelaatbare belastingaftrekking."

Vraag: "Wat kan ek doen om by die Hulpfonds betrokke te raak?"

Antwoord: "Jy kan by die Hoekwinkel gaan help. Daar is altyd 'n behoefte aan Vrywillige Helpers. Of, jy kan klere en goedere wat dalk oortollig in jou huis is, aan die Hoekwinkel skenk om verkoop te word. So, help jy Mede-Inwoners wat dit nodig het!"

Hulpfondsgroete!

**Henk Potgieter
VOORSITTER.**

Ns: Die Hulpfonds-Bestuur bedank almal wat deur die jare items of bydraes aan die Fonds gemaak het. Baie dankie ook vir u aankope en ondersteuning tydens die 2024 Karnaval!



Bladsy geborg deur **Bokkie en Jorrie Lombard**. Baie dankie, Redaksie.

EARTH'S POPULATION IN PERSPECTIVE...

TESSIE'S TIDBITS of a few years ago.

The population of Earth is around 7.8 billion. For most people, it is a huge and incomprehensible figure! However, if you condensed it into 100 people, and then into various percentage statistics the resulting analysis is much easier to comprehend!

Out of 100:

60 persons are in Asia;
15 are in Africa;
11 are in Europe;
9 are in South America and
5 are in North America.

51 live in cities and
49 live in the countryside.

62 speak their own language;
12 speak Chinese;
5 speak English;
5 speak Spanish;
3 speak Arabic;
3 speak Hindi;
3 speak Bengali;
3 speak Portuguese;
2 speak Russian and
2 speak Japanese.

77 have their own houses and
23 have no place to live.

21 are over-nourished;
63 can eat full meals;
15 are under-nourished;
1 ate the last meal, but did
not make it to the next meal.

87 have clean drinking water
and

13 either lack clean drinking
water or have access to a wa-
ter source that is polluted.

75 have mobile phones and
25 do not.

30 have Internet access and
70 do not have conditions to
go online.

93 did not attend school/col-
lege and
7 received university educa-
tion.

83 can read and
17 are illiterate.

33 are Christians;
22 are Muslims;
14 are Hindus;
12 are other religions;
12 have no religious beliefs and
7 are Buddhists.

66 died between 15 – 64
years of age;
26 lived less than 14 years
and
8 are over 65 years old.

If you have your own home, eat
full meals and drink clean water,
have a mobile phone, can surf
the Internet, and have gone to
school, you are in the minuscule
privileged lot (in the less than 7%
category).

Among 100 people in the world,
only 8 can live or exceed the age
of 65. If you are over 65 years
old, be content and grateful.
Cherish life, grasp the moment.
You did not leave this world be-
fore the age of 64 years like the
92 people who have gone before
you. You are already the blessed
amongst humankind.

**Take good care of
your own health and
Earth's natural
resources.
Cherish every remaining
moment of your life!**



WATER SCHEDULE

	MORNING 08H00 TO 09H00	AFTERNOON 16H00 TO 17H00
MONDAY	A HOMES	D HOMES
TUESDAY	B HOMES	E HOMES
WEDNESDAY	C HOMES	F HOMES
THURSDAY	D HOMES	A HOMES
FRIDAY	E HOMES	B HOMES
SATURDAY	F HOMES	C HOMES
SUNDAY	NONE	NONE

BAIE BELANGRIK!

Inwoners word gemaan om asseblief
streng by die Waternatleitye langsaan
te hou.

Die rede vir die verspreiding van die
tye is omdat die waterdruk laag sal
wees indien almal gelyktydig natlei. Die
drukpompe by die opgaardam sal nie
kan byhou om voldoende druk te voor-
sien nie.

JACQUES DE BEER

DE BEER SOLAR EN ELEKTRIES PTY/LTD



065 624 6819

GOEDGEKEURDE KONTRAKTEUR IN KOKANJE

IS JY MOEG OM 'N KRAGREKENING TE BETAAL?

- * FINANSIERING BESIKKBAAR
- * POMP KRAG TERUG IN DIE GRID
- * PRYSE NOU BAIE BEKOSTIGBAAR
- * DEYE / SUNSYNK / SALVARE EN NOG BAIE MEER STELSELS

KONTAK ONS GERUS VIR 'N GRATIS KWOTASIE



As per standard installation else T's and C's apply.



DOOR & WINDOW CONNECTION

- Aluminium & Glas Stoep Verandering
- Blinders
- Muskiet Gaas

Kontak ons gerus vir 'n Kwotasie

Sonja van Zyl

082 454 6250

sonja@dwcon.co.za / www.dwcon.co.za

24A Dirk van den Bergstraat, Modimolle (Oorkant die Gevangenisdiens)

ANITA'S AUTO SHINE MOBILE



**CAR WASH
BEST PRICES!**

083 465 1095

RUG PROBLEME?

Cloud Nine

beds for the rest of your life

**BEDDENS WORD TEN VOLLE ONDERSKRYF DEUR DIE
VERENIGING VAN CHIROPRAKTISYNS
VAN SUID AFRIKA**

As inwoner van Kokanje wil ek u graag bystaan met die volgende

- Keuse van regte bed
- Waarborg verduidelik
- Aflewering reël
- Spesiale prys beding



Rest Assured Also Available



**Pieter Knoetze, Kokanje 57F
079 041 2878**

BRING ADVERTENSIE SAAM VIR 10 % AFSLAG!



**Bergstryd
Singel
No 7**



Mans Haarsny
Dames Haarsny
Blowave
Set
Tint / Hi-light
Perm

KE asook Huisbesoeke beskikbaar indien
dit nie moontlik is om Salon toe
te kom nie.

Skakel gerus of kom loer sommer in
om u afspraak te maak.

Besigheidsure
Maandag - Vrydag
7:30 tot 12-30

Eloisa
Tel: 082 466 6806

Salon Kokan Mari



BLY ALTYD INGELIG EN OP HOOGTE VAN SAKE

BLOKVERGADERINGS: BLOK 4 (BOEKENHOUT 29 Julie) EN BLOK 7 (RAASBLAAR 18 Julie)



Die verskillende Blokvergaderings het onlangs weer plaasgevind en is goed bygewoon deur Inwoners wat graag op hoogte van Kokanje-sake wil bly.

Hier is BK-Lede Nick Noeth en Willie Swanepoel en hulle Bloklede tydens Blok 4 en Blok 7 se byeenkomste.

Die Agendapunte was onder andere:

1. **Waternatleitye** en om water spaarsamig te gebruik.
2. **Energiebesparing.**
3. **Opskeppers** – Inwoners is aangemoedig om te help opskop en Voedseldiens sodoende te help om kostes laer te hou.
4. **Sekuriteit en Toegangsbeheer.**

Wanneer Kokanje Wen, Wen Inwoners – Heffings bly laer.



Kwelvrae, wat vooraf deur die Inwoners ingestuur is, is in detail deur die BK-Lede beantwoord.



EK STEM...!

Karel Minnie

Ons aftreebestemming was 'n geleentheid van verken, beleef en Boekevat oor 'n lewensbesluit wat ek en Annaleen geneem het. Die resultaat was dat Kokanje die perfekte keuse vir ons was en steeds is.

Suid-Afrika se Nasionale Verkiesing van 2024 het gekom en gegaan. Vir 3 dae was Kokanje se Personeel en Fasiliteite tot die beskikking van die Onafhanklike Verkiesingskommissie. As trotse, redelik nuwe Inwoner van 4 jaar, het ek die geleentheid gehad om diens binne en buite die stemlokaal te doen. Alles was voortreflik, netjies en die diens uitstaande.

Die Inwoners van Kokanje het, soos met alles, weer uitgestyg ten opsigte van hulle pligsbesef om hulle Demokratiese Reg in getalle ver bo die gemiddeld uit te oefen.

Vir my was die hoogtepunt van die Verkiesing die 2 KE-dames wat daardie Reg op 99-jarige ouderdom uitgeoefen het. Tannie Hester Bester (foto langsaan) en Rosa Leiding, julle pligs-

besef het op my 'n ewige indruk gemaak. Ek gebruik julle as voorbeeld wanneer ek met my kinders, kleinkinders en jongmense oor die algemeen gesels. In Kokanje mag ons verskil van mening, maar **ons trek saam om 'n nog beter Luilekkerland vir die toekoms te skep!**



NUWE INTREKKERS

Bladsy 1.

1. MARIANA DE JAGER, née Uitenweerde. Huis 1A

Voorheen van Bloemfontein.
Haar kinders bly in Koro Creek.
Die Kokanje-Versorgingseenheid
is vir haar baie belangrik.
Mariana het by die Naaldwerk-
klub ingeskakel.
Stokperdjies: Rummikub, Sudo-
ku, brei en stap.
Sy het gewerk as 'n Boekhouer.

2. JEANETTE BREUGEM, née Atkinson. Huis 1B

Het voorheen in Heidelberg, Wes-
Kaap, gewoon.
Haar vriendin, Elsa Watson het
haar van hierdie lekker Bosveld-
aftreeoord vertel – nader aan
haar kinders in Centurion.
Jeanette lees graag en is lief vir
tuinmaak.
Sy was voorheen 'n onderwyse-
res.

3. RACHEL MILLER, née Cilliers. Huis 14D

Rachel, voorheen van Thabazim-
bi, ken vir Johan en Isabel Prins-
loo.
Daar was baie kere gladnie wa-
ter op Thabazimbi nie (soms tot
5 weke aanmekaar) en sy is so
dankbaar om nou in Kokanje te
woon.

Sy pak nog uit en het dus nie by
klubs ingeskakel nie.
Stokperdjies: Naaldwerk, foto-
plakboeke, brei en hekel.
Rachel was vir baie jare by die
munisipaliteit werksaam, daarna
by 'n Lodge. Na 12 jaar by die
NG Kerkkantoor het sy nou lek-
ker afgetree.

4. CORINNE JAHN, née Nel. Huis 23D

Voorheen van Ellisras.
Corinne se familie en vriende in
Kokanje: Tannie Lina Korb, 72B,
Coen Homan en Petro van Sta-
den.
Sy het besluit die Bosveld, die
Kokanje-Versorgingseenheid, en
die redelike sentraal ligging tus-
sen al haar kinders, gee die
deurslag om hier te kom aftree.
Sy het reeds by die Dendrologie-
se Vereniging ingeskakel en sy
skilder, lees en doen graag naald-
werk.
Sy het by die Personeelafdeling
van Exxaro gewerk.

5. FRITZ EN AMANDA OBER- HOLZER, née Van Rooyen. Huis 24C

Voorheen van Delmas.
Hulle ken vir Johan en Anneke
du Plessis.
Die 2 oud-Onderwysers is lief vir

kampeer, net wanneer hulle wil,
en is baie dankbaar vir die Ver-
sorging wat Kokanje hulle een-
dag gaan bied.
Ander Stokperdjies: Houtwerk,
en motorfiets ry.

6. HANS EN PETRO KASSER, née Camm. Huis 55A

Familie: Ed en Milly Farren. Ken
ook vir Johann en Hennie Sy-
mington baie goed.
Kokanje is so 'n mooi plek om in
af te tree.
Hulle het reeds by die Kerk inge-
skakel en kuier nou heerlik saam
met familie en vriende.
MD and Bookkeeper of their own
company.

7. CHRISTO EN BEYERIEN NELL, née Van Niekerk. Huis 56B

Die 2 onderwysers het voorheen
in Bosveldsig gewoon.
Hulle ken Dries en Rona de Ja-
ger, al die Volksrusters en Marion
Oberholzer.
Die spesiale Somer-aanbod en
die gevestigde Versorgingsdiens
het hulle oorreed om in Kokanje
af te tree.
Beyerien doen graag blokkies-
raaisels en hekel. Christo speel
golf.



1.



2.



3.



4.



V.l.n.r.
5, 6 & 7.

8. PETRO VAN STADEN, née Bezuidenhout. Huis 61E

Voorheen van Ellisras.
Vriende en familie in Kokanje:
Wilna Uys, Etna Hattingh en
Blanche Emslie.
Petro het nie meer kans gesien
vir die verantwoordelikheid en
beslommernis van 'n groot erf nie
en het toe hierheen verhuis.
Hierdie tuisteskepper is baie lief
vir Naaldwerk.

9. ALEX en LINDA BISHOP, née Raisbeck. Huis 64C

Voorheen van Koro Creek.
Rob en Yvonne Manson, Bill en
Jill Cairns, Rina en Jakes Wallis
is hulle vriende.
They decided to move to Kokanje
because they don't want to
be a burden on their children –
Kokanje has Frail Care and so
much more!

Alex and Linda play bowls in
town, golf and are members of St
Michael's Church.
They love art and reading.
Linda, an old fashioned secretary
(shorthand and typing) loves sewing.
Alex was in the Freight Forward-
ing Industry.



8.

10. JOHAN EN ANTOINETTE HYMAN, née Pretorius. 68E

Voorheen van Bosveldsig, Fase
8.
Hulle ken Francois en Himna
Hendrikz en Christo en Beyerien
Nell.
Goeie Versorgingsdiens op hulle
oudag was die deurslag om in
Kokanje te kom woon.
Fotografie is hulle stokperdjie en
hulle is lede van die Bosveld-
fotografieklub.
Beide het Administratiewe werk
verrig tydens hulle loopbane.

11. JOHAN EN ARINA JOOSTE née Strydom. Huis 79D

Voorheen van Centurion.
Hulle het geen kennisse wat in
Kokanje woon nie, maar gaan
gou vriende maak.
Johan en Arina het op Kokanje
as aftreeplek besluit want dit was
die beste opsie t.o.v. Versorging
vir die seniorjare.
Hulle stel belang in sport, maak
van kaartjies (Arina) en natuurbe-
waring (Johan).
Was Uitvoerende Beampte by
NPO en Konsultant, Natuurbewa-
ring.



9.

10.

13.

12. FRANCOIS EN DALENE FERREIRA, née Zietsman. 81F

Voorheen van Intaba Indle,
Warmbad.
Vriende en familie in Kokanje:
Wiehahn en Johanna Coetzee,
Joey Pienaar en Christoff Ziets-
man.
Kokanje se goeie Versorgings-
eenheid het hulle laat besluit om
hier te kom woon.
Die twee sake-eienaars se stok-
perdjies is gholf, kampeer, toer
en stap.

13. BLACKY EN HELEEN SWART, née Van Zyl. Huis 82B

Voorheen eienaars van Lekker-
bly Gastehuis in die dorp.
Vriende: Tienie en AnneMarie
Cronje, Helene Booyzen, Bets
Stander, Annetjie van Zyl, Joey
Pienaar, Herman en Elrina Kriel
en Tewie en Inge Zaaiman.
Die Rustigheid en kameraadskap
van vriende, en die Versorgings-
diens (wanneer eendag benodig)
is die belangrikste vir hulle.
Die 2 afgetrede SA Polisie-
beamptes (Skakelbeampte en
Stasiekommissaris, Nylstroom) is
reeds in die dorp by vele organi-
sasies betrokke.
Hulle stokperdjies: "Darts", lees
en verskeie sportsoorte.



11.



12.

DIE KOKANJE-"WAVE" – ons is die "WAAI-KINGS!"

Twee opgeskote kindertjies stap flink in die rigting van die Kokanje-ingangshek. Mooi op die sypaadjie. Toe die voertuig met twee senior burgers verbyry, draai een dogtertjie na hulle kant toe en met 'n vriendelike glimlag op haar gesig gie waai sy met oorgawe. Maar, die maatjie is skaam en doen nie mee nie. Sy ken nie die mense in die voertuig nie...

Die gebrek aan 'n wuif is soms die enigste manier hoe Inwoners nuwe besoekers of algehele vreemdelinge in die Oord kan uitken.

Ons was bekend met die "Royal Wave" deur veral die monarg, (wyle) Koningin Elizabeth, en haar familie op pad in die koninklike koets. Die sedige gesigte en die witgehandskoende handjies wat net effentjies van kant tot kant beweeg.

Tweedens het ons met die "Mexican Wave" te doen gehad tydens die Rugby Wêreldbekerreeks. 'n Mens wonder hoeveel blondines nou al verdrink het?

En dan is daar nommer 3: **Die Kokanje-"wave"**. Of Inwoners nou te voet is, fiets of

motorfiets ry, in jou motortjie, bakkie of 4X4 op pad is, is dit só wonderlik om aankomende verkeer tot sover as by die hoofpad se uitbundige groet te ontvang.

Meestal eien mense mekaar selfs ook in die dorp, die kerk en oral waar daar vergader word. Maar, al word die oë al 'n bietjie swak en jy herken die ander persoon nie, word daar steeds vriendelik teruggewuif om te bevestig dat beide deel van die groot Kokanje-familie is – presies soos die miere wat groet-groet deur hulle hele lewe gaan.

Wanneer ons ouer word, en nie meer die stuurwiel behoort te los terwyl ons ry nie, hoop ons daar is van die handige Kokanje-mans wat 'n meganiese wuiwende handjie gaan ontwerp om bo-op die motor se instrument-paneel te monteer. Dit moet



duidelik deur die voorruit sigbaar wees en mooi heen en weer beweeg – op dieselfde prinsiep as die kopknikkende nagemaaakte hondjies wat in die ou dae by die agterruit gelê het.



Nou ja, dan sê ons maar "baai for now" soos tant Stienie van ouds. Geniet die res van 2024, voor die jaar ook weer totsiens waai...

Rita Noeth



ONTHOU:

Google en luister na Jim Reeves se liedjie,

"A stranger is just a friend you do not know!"



Die skryfster Sue Fox sê aangaande respektvolle gedrag:

"Daar bestaan nie iets soos 'n vakansie van goeie maniere nie. Hoflikheid werk oral, te alle tye!"

***Guard your heart above all else,
for it determines the course of your life!***



Wasgoed nagmerrie.....
Ons sal jou nagmerrie laat
verdwyn met ons kwaliteit
dienste

082 858 7748



**12 WOLMARANS STR
MODIMOLLE**

ONS DIENSTE::

Was, stryk en vou ✓

Stryk van klere ✓

Gordyne (afhaal en ophang van grodyne), ✓

Linne, komberse, talfeldoeke.

Optel en aflaai van wasgoed SLEGS in Kokanje ✓

Was van klein matte en kussings ✓



ECORENERGY

Dankie!

**Aan ons gewaardeerde kliënte in Kokanje wil ons graag
ons opregte dankbaarheid uitspreek vir julle
voortgesette ondersteuning. Julle lojaliteit beteken vir
ons die wêreld, en ons is geëerd om julle betroubare
bron vir elektriese en sonkrag benodighede te wees.**

**Of jy nou jou huis wil opgradeer of slegs 'n betroubare
oplossing nodig het, ons help julle graag.**

Dankie dat julle deel van ons gemeenskap is!

**Hammies - 082 487 3509
hammies@ecorenergy.co.za
Harkem - 066 234 9593
harkem@ecorenergy.co.za**

**Shop 8, Riviera Center, h/v
Nelson Mandela & Thabo
Mbeki str, Nylstroom**





Lilies & Limes

COUNTRY SHOP
&
FARM KITCHEN

Loads of
Homemade Goodies

All Day Breakfast and
Sumptuous Light meals!

Yummy Cakes & Coffee

Greatest Gingerbeer



Greatest Gingerbeer

Visit us for Fab food in the
Garden or on the "Stoop"

Cindy 072 341 6117
Monday - Sunday 8h00 -
17h00
Licenced
R33 towards Vaalwater
Only 6 km from Kokanje



Super Sunday Buffet Lunch
every week



Best ever Milktart!



LAUNDRY SERVICES
DROP OFF & COLLECT
For more info contact
wishywashynyl@gmail.com

062 191 4174

Kerkstraat 105 Modimolle
Nuwe afgee punt
met toeganklike parkering



Kokanje inwoner promosie
Was, Droog en Stryk slegs R28.50 per kg

Komberse en Linne 10% afslag op dienste

Nuwe Versorgings Eenheid pasiente
eerste twee maande 50% korting op dienste

Gratis optel / aflewering daaglik vir
Kokanje inwoners

T & V's Geldig



ONS DENKER SE NAAM IS SEKER MOSES!

Daar is talle replikas en interpretasies, deur verskillende beeldhouers, van die Denker van Rodin...

Jan Klaasen en Dorelle Venter het die pragtige Reënman-kunswerk van hulle buurman so bewonder dat hulle hom genader het met die oog op 'n spesiale beeld om (as hulle nalatenskap – 18+ jaar) aan Kokanje te skenk.

Kokanje se eie kunstenaar, Hennie Kruger, vertel hoe lank hy geDenk en geDenk en berekeninge gemaak het om die lewensgroot en lewensgetroue klip- en staalkunswerk presies in proporsie te beplan. Marietha het as model opgetree en haar samewerking was van onskatbare waarde!

6 weke se intensiewe arbeid het gevolg: Die staal raamwerk is vervaardig, die spesifieke klippe gesoek, gekap en met die grootste sorg in posisie ingepas. Ten slotte is die unieke pronkstuk persoonlik, baie versigtig en met die uiterste sorg en onverbloemde trots op 'n spesiale, vooraf goedgekeurde plek voor die Dienssentrum afgelewer. Die Kokanje-Inwoners was

baie aangenaam verras oor hierdie pragtige kunswerk!



Die storie agter die storie is: Hennie se gebruik van Moses se Psalm 90 is so gepas en inikol! Dit is die woorde van Moses en het betrekking op elkeen in Kokanje se lewens. Die stuk is geskryf na die Israëliete se 40-jaar rondswerfperiode in die woestyn.

☁ Van die jongste tot die oudste kan gerus weer die hele Psalm, wat handel oor Oudword, gaan deurlees. Ons raak bewus van ons eie nietigheid en verganklikheid – ons besef dat ons lewensjare min raak en ons het meer tyd om stil-stil te sit en dink/peins en besin daaroor...

Introspeksie:

Psalm 90:10, op die beeld se plaatjie aangebring.

**Die dae van ons jare –
daarin is 70 jaar,
of as ons baie sterk is 80
jaar;
en die uitnemendste daar-
van is moeite en verdriet;
want gou gaan dit verby en
ons vlieg daarheen.**

Hennie se Denker-beeld se klippe en staal sal ook nie vir ewig bly bestaan nie – anders as die Woord van God wat in die Bybel opgeteken is en vir Ewig en Ewig sal bestaan.

(Soos ek die beeld noem) Die Wandelende Jood, Moses, – Die Denker, het intussen van rusplek verander en, soos met die 40 jaar se trek van die Israëliete in die Woestyn, was daar ongelukkig estetiese nuances wat nou in die slag gebly het...

Rita Noeth



Hennie en Marietha

As we grow older.

real beauty travels from the face to the heart. Appeal turns to charm, hurt to wisdom, and great moments to shared memories. The true beauty of life is not how happy you are now, but how happy others are because of you.

Unknown / Power of Words



WAT IS LEWE?
As jy kan vergewe sonder om
'n woord te sê. As jy liefde in
iemand se oë kan sien sonder
om te vra. As jy kan glimlag
sonder 'n rede. As jy kan gee
sonder om enigiets terug te
verwag. As jy luister na die
stem van God sonder om te
twyfel DIT IS LEWE!
Mag jy met oorgawe
LEWE!

When someone tell you
you can't do it...
be the tree,
not the rock.

VERLATENSTYD

Herfsreën teen my vensterruit
drup stil sy somer trane uit
en buite het die na-nag mis
klam tussen soetdorings kom
rus.

Ek raak bewus van groet –
'n somer wat verdwyn en plek
maak vir 'n stiller tyd.

Ek luister nou met eerbied na
die herfslied van die bos;
en voel my wortels saam met
die natuur
'n dieper groei beleef.

Die lewe raak my sagter aan,
sodat ek stil gestroop word
van hoogmoed,
trots en eiewaan.

In hierdie tyd raak ek bewus
van hoe kortstondig alles is.
Die sonseisoen is nou verby
maar in die Ewigheid,
sal ek in my Skepper God se
tuin
in rein wit bloeiesels
Sy glorie uitbasuin.

Rien Joubert



REIS

In hierdie yl-blou lug,
sing somer reeds sy
swanesang.

Sy rypgeworde vrug hang
stroopsoet aan die hanepoot,
wanneer middagson die
korrels vang.

Roesrooi hang die
wingerdblaar
as herfs sy jas oopknoop;
en borriegeel die populier
by Melkrivier se loop.
Die trae gang van elke dag
word die ritme van my stap
want nou wil ek eers stadig
reis;
en in aanbidding kyk
hoe God se Skepping werklik
lyk.

Rien Joubert

LIMPOPO AMATEUR DANSFEES WEER IN KOKANJE



INTERESSANTE KOKANJE- STATISTIEKE

Strate in Kokanje:	13
Huise met 1 Inwoner:	255
Huise met 2 Inwoners:	280
KE Inwoners:	40
Vroegste Okkupasiedatum:	01/09/1988
Eerste Inwoner:	Louise Joubert
Volopste Noemnaam:	Johan
Volopste Van:	Van der Walt
Volopste Naam en Van:	Lettie Smith
Inwoners:	855
Vrouens:	529
Mans:	326
Weduwees:	249
Wewenaars:	46
Weduwees/Wewenaars:	5,4
Oudste Inwoner:	Marie Boshoff
Haar ouderdom:	100.



TERWYL ONS KAN...

HOOGTEPUNTE UIT ONS EIE, GELIEFDE DIGTER EN SKILDER,
RIEN JOUBERT, SE LEWE.

"Het jy dit gesien?" vra Bets Faurie. **"Die Aalwyne wat Skotland toe gaan!"**

Mensekinders, julle het gedink Rien kan net pragtig dig... Nee, sy is ook 'n bobaas skilder!

Rien dig al van Laerskooldae af en ek is seker sy is met 'n verfkwassie en tekenpotlood in die hand gebore! Op skool het sy menige boekpryse gewen met haar talente.

Van Rien se gedigte is in haar jong dae voorgelees op die radioprogram, "Ons Roep die Jeug" en Gé Korsten en Rina Hugo (veral duette) en Sonja Herold het talle van haar getoonsette liedjies gesing wat onder andere ATKV-toekennings verower het.

Haar Paassiklus, "Daar is 'n môre!" is deur Marlene Wessels, 'n Afrikaanse Komponis, verwerk en die siklus is al male sonder tal deur die jare opgevoer.

Die Drakensberg se Seunskoor en Rina Hugo het Rien se gedigte oor Weefwerk (Weaving) vir talle opvoerings gebruik. (Daar word baie weefwerk in daardie omgewing gedoen.)

Rien se kunswerke het deur 'n "Kosmos-fase" gegaan tydens haar en Wyle Flip se jonggetroude lewe in Randburg. Rien kan goed onthou hoe haar ma altyd 'n kosmosblommetjie of twee in Karien (haar babadogtertjie) se stootwaentjie laat staan het tydens 'n stappie om die blok.

Die 2 gedigte op die vorige bladsy het so pas uit Rien se pen verskyn en kom nie in een van haar 5 bundels voor nie. **Baie dankie, Rien!**

Rien, so pas 81, se intense bewustheid van die lewensfase waarin sy haar nou bevind kom sterk na vore – sy ondervind haar Skepper se genade en seën daaglik en bid dit oor haar naaste in haar nuutste bundel wat binnkort gaan verskyn.



Rita Noeth

In Rien se huis hang daar pragtige skilderye van Blommende Aalwyne en die MacLachlan-familie in Skotland gaan hierdie pasvoltooide, pragtige geskenk een van die dae ontvang.

Rien se nota daarby:

***Die hele land se Aalwyne
steek hul bloedrooi kerse aan
en stuur 'n warm sonskyngroet
na Skotland
waar harte hunker
na hul Vaderland!***



MAUREEN SWEEF OP DIE VLERKE VAN DIE TYD – DIE VERLEDE EN HEDE SE MOOI EN INTERESSANTE GEBEURE IS INMEKAAR GEVLEG...

1. GEDAGTES

Het iemand jou ooit belowe dat jou paaie altyd gelyk sal loop? Geen opdraandes, struikelblokke, onopgeloste probleme en hartseer? Indien jy so 'n gelukkige siel is, is ek regtig jaloers op jou! Hier in my *Royal Hotel* is daar soms drade wat gekruis is, maar ek is dankbaar vir kundige, opgeleide persone wat sake kan regstel.

Die KE is vir Inwoners wat hulle dienstynd in Kokanje oorskry het en die laaste jare in 'n welverdiende, rustige hawe gaan deurbring. En, soos met alle geordende sake, word aanvaarding vereis om jou ook hier te skik na weldeur-dagte planne en reëls.

2. "DIE DAE WORD RYP..."

Wat beteken die woorde eintlik? Hoe lyk môre en die dag daarna? As ek soek na 'n boek wat altyd vir my die pad aangewys het – is dit seker in een van die kinders se skatkiste. Ek probeer onthou en haal aan, maar die reuk van die boek word nou vervang met die skoon reuk van skoonmaakmiddels en medisyne in die KE. Dis alles anders, maar wat 'n voorreg om my te kan verplaas vanaf 'n vroeë periode in my lewe waar ek feitlik elke Inwoner op die naam geken het en, meer nog, energie kon tap van hulle wat uniek in my lewe gestaan het. 'n Huldeblyk aan sommige van hulle wat nie meer met ons is nie...

Kokanje se Inwoners was en is 'n uitsoekgroep individue wat meegewerk het om ons blyplek 'n tuiste te maak. Snaaks ja, pittig – elkeen 'n juweel! Saam het ons afskeid geneem, gehuil en ook feesgevier – gelewe asof dit altyd so sal gaan. Nou moet 'n mens opnames maak van jou doen en late. En, selfs dit is 'n voorreg – want die meetsnoere het mooi geval!

3. ABBA-PRAATJIE OOR DEPRESSIE: "Siekte van ons tyd."

Nader aan die waarheid as dié woorde kan ons nie kom nie – want dit is 'n geheime siekte wat kan voorkom by enige persoon, oud of jonk, arm of ryk.

Kokanje is 'n bron van besondere bekwame individue wat poog om die toestand meer aanvaarbaar te maak – gebruik die kennis van hierdie gespesialiseerde persone en hulle kontakte. Die feit dat een van ons eie personeellede in die KE bereid was om haar pad met depressie met die gehoor te deel, word so waardeer! Baie dankie. Wanneer 'n mens op die moeilike pad is, is die eerste probeerslag gewoonlik selfmedikasie en die geykte uitdrukking "Ruk jouself reg" word gewoonlik aanbeveel. Dit is egter 'n ingewikkelde siektetoestand wat hemelsbreed verskil van mens tot mens – want ons is uniek!

Die ABBA-Bestuurslede wat betrokke is by hulle interessante aanbiedings, word geprys. Die netjiese saal, die stomende koppie koffie, die vriendelike verwelkoming dra alles by tot 'n geslaagde en uiters belangrike komponent in hierdie Luilekker Land.

4. VOORSPOEDIGE REIS



Mag ek – **kan** ek regtig hartseer wees oor 'n vriend wat Kokanje gegroet het. Die vriend het ek **gedink** ek ken, maar **geweet** ek ken hom nie.

Roelf Botha het "vertrek" – sy goed "gepak" en Kokanje armer gelaat. Stil-stil sy lewe gelei met 'n sin vir die pragmatuur, vir sy geliefdes, vir sy paar mansvriende wat hom elke oggend op hoogte gehou het van wat vir hom belangrik was.

Hy was sterk, maar ook broos. Soos die dag waarop hy groot hartseer beleef het en ek probeer het om daardie groot, stil man te troos... Die Oord en Kameeldoringstraat is nou baie armer!

Ek wens hierdie gentleman net pragtige blomme toe – "sonder hase wat dalk sy tuin plunder..."

Maureen Neethling



WHO WILL TAKE GRANDMA?

Who will take Grandma?
 Who will it be?
 All of us want her,
 I'm sure you'll agree.
 Let's call a meeting,
 Let's gather the clan.
 Let's get it settled as soon as we can.
 In such a big family,
 There's certainly one willing
 To give her a place in the sun.

Strange how we thought,
 That she'd never wear out;
 But see how she walks,
 It's arthritis, no doubt,
 Her eyesight is faded,
 Her memory dim;
 She's apt to insist on the silliest whim.
 When people get older,
 They become such a care!
 But, the question is, where?

Remember the days when,
 she used to be spry?
 Baked her own cookies,
 And made her own pie?
 Helped us with lessons,
 And tended our seams,
 Kissed away troubles and
 Mended our dreams?

Wonderful Grandma!
 We all loved her so!
 Isn't it dreadful she's no place to go?

One little corner is all she would need.
 A shoulder to cry on,
 Her Bible to read,
 A chair by the window;
 With sun coming through,
 Some pretty flowers,
 still covered with dew,
 Who'll warm her with love,
 So she won't mind the cold?

WHAT? Nobody wants her?
 Oh, yes there is One
 Willing to give her a place in the sun,
 Where she won't have to
 Worry or wonder or doubt,
 And she won't be our problem to bother about,
 Pretty soon now God will give her a bed,
 But who'll dry our tears
 When dear Grandma is dead?

Unknown.



GEBED VAN 'N VERPLEEGSTER

Hierdie dagbreek is soos glas
 'n ligroos waas waardeur
 die wolke dryf –
 so broos soos hierdie siel
 wat eens so vreeslik besig was
 en nou, gestroop van alle drif.
 Die lewe in die lyne van gesig
 en lyf geskryf.
 Ag Here, maak my hande sag
 wanneer ek glas en naald hanteer
 maak tog my oë oop vandag
 vir al die angsbevange krete wat
 geluidloos op my wag,
 en my ore Heer,
 laat my weer en weer
 gaan luister hoe 'n hand my roep
 wanneer krampagtig vasgeklou
 word aan 'n laken of 'n stoel
 en ek kan voel
 hoe krag van my gevra word.
 Deurspoel my siel o Here
 soos al die ander kere
 met die stiltes van U vrede.
 En Here, troos my met die wete
 dat U alleen,
 die Groot Geneesheer is.



Rien Joubert.

OOMS, SOOS PA

Skrywer: Dana Snyman.

Dit is 'n paar dae ná Pa se begrafnis, en ek het nog altyd geglo 'n stil agterpad deur die ooptes gee jou die geleentheid om dinge in jou kop rustig te sit en uitsorteer.

Iewers anderkant Strydenburg, suid van Kimberley, draai ek weg Vosburg toe, grondpad, die vaaltes in.

'n Ent verder is 'n padskraper besig om die pad te skraap, 'n seldsame gesig deesdae in die land. Die jong kêrel in die blou oorpak agter die stuurwiel waai en ek waai terug, en ek onthou 'n era toe elke padskraper in die land deur 'n oom in 'n wit stofjas bestuur is.

Hulle het dikwels saam met hul gesinne in 'n administrasiewoonwa in 'n padkamp aan die rand van die dorp gewoon, hierdie padskraperooms; en hulle het dikwels op 50 al krom gestap, want die dag ná dag se gesit en stamp in die padskraper het 'n man se rug en niere sleg opgefoeter.

Pa het al die jare as predikant plattelandse siele bearbei. Hy het graag Grasshopper-skoene gedra, in sy broeksak was altyd 'n knipmes, en om sy pols 'n horlosie wat jy moes opwen. By sy hemp se bosak het dikwels 'n Parker-pen uitgeloeer, en hy het sy hare in 'n kantpaadjie gekam, selfs toe hy bles begin raak het.

Ander ooms was padskraperdrywers, of hulle het boorgate geboor of met velle gesmous. Daar was ook stasiemeesters en vragmeesters en posmeesters en vee-inspekteurs, beroepe wat min of meer uitgedien geraak het.

Selfs die ou plattelandse dokters was ook maar ooms in wit safaripakke, wat maklik laatnag in 'n Mercedes 280 S die

distrik sou inry om na 'n koor-sige kind te gaan omsien.

Ooms was die heersers van die platteland. Maar hul tyd is aan die verbygaan: Tradisionele kerke loop leeg en sluit, stasiegeboue staan kosyn- en dakloos in die weer en wind, dokters word uit Kuba ingevoer.

En 'n burgemeester is deesdae 'n voltydse werk, een waarvoor die ooms nie juis meer in aanmerking kom nie.

Die ou ooms sit nou op hul dorpshuise se stoep of op hortjiesbanke in die ouetehuis se tuin, met hul knobbelrige hande op hul kieries.

Vroom ooms wat hul gebede in die kerk begin het met: "Dierbare, almagtige Hemelse Vader. Ons staan vandag hier voor U en ons word klein..." Ooms wat tot die plaaslike kommando behoort het en 'n 303 of 'n Mauser in die hangkas gehou het. Ooms wat 'n bok geskiet en self afgeslag, opgesny en die biltong aan stringe bloudraad tussen die balke in die motorhuis gehang het om droog te word.

Sommige ooms was meesters van vaardighede waaraan daar al minder 'n behoefte is: Hoe om 'n sweep te vleg, hoe om 'n hondjie se stert af te sny, hoe om 'n kar se vergasser te bloei of hoe om 'n lemoen of 'n appel met 'n knipmes af te skil.



Party kon soos 'n tortelduif fluit deur hulle hande bak voor hul mond te hou. Ander het kinders vermaak deur hul vals-

tande uit te haal en gesigte te trek.


Hierdie ooms was nie almal vlekkeloos nie. Baie het gestem vir landswette wat pyn en swaarkry vir ander gebring het. Hulle het kerklike sensuur uitgeroep oor mense wat dalk eerder naasteliefde nodig gehad het. Party het 'n skelm bottel brandewyn in die gereedskapkis aangehou, en ander het hul naaste se vrou, se os en se esel begeer.

Kortom: Hulle was alte menslik, hierdie ooms. Maar hulle was trots en hardwerkend, want hulle het geglo in die sweet van jou aangesig sal jy jou brood verdien. En hulle was spaarsamig; en hoe ouer hulle geword het, hoe meer het hulle die stories oor die armoede van hul jongdae vertel, hoe hulle deur die ryp skool toe gestap het en onderbroeke gedra het wat hul moeders van meelsakke gemaak het.

Die werke van hierdie ooms se hande is oral in die land te sien: Die huise, skure, krale, paaie, brûe, treinspore, damme, leivore, kerke en kerksale wat hulle gebou en laat bou het. Die drade wat gespan is, die drukgange en laaibanke wat opgerig is. Die kweperlanings wat hulle geplant het.

Hulle het saans vroeg gaan slaap en soggens vroeg opgestaan, hierdie ooms. Hulle het hul tiendes vir die kerk gegee en kinders versorg en van lente na somer na winter na herfs geleef en gesterf sonder enige groot openbare erkenning. Hulle het geglo hulle sal hul beloning in die Hiernamaals kry.

Ingestuur deur
Leon de Jager.



Modimolle

Jy het nie net 'n meesterplan nodig om jou doel te bereik nie, maar ook 'n **MEESTERBEPLANNER** om jou koers te bepaal.

Ons dienste sluit in

- Beleggings
- Aandelemakelary
- Portefeuljebestuur
- Testamente en Trusts
- Finansiële beplanning

Kontak ons vir gespesialiseerde finansiële- en beleggingsadvies



Jan De Villiers CSb(SA), CAIA®
Welvaartbestuurder : Sekuriteite

Jan.DeVilliers@psg.co.za
+27 (72) 458 5126



Angelique Bonnette
Administratiewe Assistent

Bonnette.Angelique@psg.co.za
+27 (76) 452 3976



Wico Strydom CFP®
Welvaart Adviseur

Strydom.Wico@psg.co.za
+27 (83) 712 0302

Modimolle | 98 Thabo Mbeki road, Modimolle
S +27 (14) 717 1036
psg.co.za



EDNA

Mediese Verspreiders
Medical Distributors

SUPPLIER OF QUALITY MEDICAL GOODS
FOR YOUR EVERY NEED

WHEELCHAIRS

ADULT DIAPERS

ROLLATORS

MEDICAL DEVICES

OXYGEN PRODUCTS

012 335 8104

581 Frederika Str,
Gezina, Pretoria www.edna.co.za



GASTEHUIS

1 Golf straat, Modimolle.

By "Garden Inn"-Gastehuis vind u by uitstek 'n skoon, rustige, veilige, omgewing met gerieflike slaapkamers as selfsorgeenheid.

Volledigtoegeruste verblyf:

Sit/eetkamer met oopplankombuis, leeshoekie – slaap 8 mense,

(kan ook voorsien in baba behoeftes).

Elke kamer het eie badkamer, TV, gebruik privaatbraaigeriewe in ons pragtige tuin. Gratis Wi-Fi, DSTV en laai van selfone/skootrekenaars. Kamers het dakwaaiers (lugversorgers in kamer 3 en 4).

Veilige parking, agter veiligheidshek.

Ons bied elke gas persoonlike aandag!

Dit is ons prioriteit om u verblyf so aangenaam moontlik te maak!

Elise of Christelle: 072 464-9803.



PRAGTIGE GORDYNE EN BLINDERS

Kundigheid van meer as 30 jaar.
Nuuiste tendense in binnenshuisversiering.

Wye verskeidenheid materiaalmonsterboeke van bekende materiaalhuise.

Ons besoek u tuis en poog om aan u unieke behoeftes te voldoen.

Ons maak self u gordyne/blinders, installeer self, en verseker so tevredenheid.

Ons lewer 'n kwaliteiteindproduk, teen billike pryse.

Ons het agentskap van Luxaflex- en Blind Designs: (Internasionale verskaffers, aflewering 10 – 14 dae.) en kan in al u blinderbehoefte voorsien: Vertikaal, horisontaal, rol en buitemuurs.

Christelle: 084 421-3734 en Elise: 072 464-9803.

MARIE NEL SE HEMELBESEM



Marie het die Redaksie van **KOLLIG** in Junie genader toe die Agave-plant in haar tuin 'n ongekende hoogte bereik het...

Ons het 'n bietjie geGoogle en Orpa Terblanche se raad en inligting (van 'n paar jaar gelede) as volg saamgevat:

Agave Regina is maar een van die 550 tot 600 spesies in die familie Agavaceae – ornamentele blommende vetplante en nie 'n lelie, kaktus of alwyn, soos mense soms dink nie. Die plante se groot, dik, vlesige, of dun, stekelrige rosette blare het skerp punte. Omdat hulle werklik 'n "leeftyd" neem om te blom, is hulle ook "century plant" gedoop. Dit gebeur slegs wanneer die grond reg en klimaat gunstig is.

Die plante kom van Mexico (groeï ook in die VSA en Suid-Amerika), is baie gehard en floreer in woestyne, tropiese en sub-tropiese toestande en ver-

skaaf voedsel en vloeistof aan mens en dier. Die plante het blykbaar ook oor die hele Europa versprei met behulp van die Spaanse en Portugese ontdekkingsreisigers.

Die sap word verwerk tot alkoholiese drank: Pulque, mezcal en tequila.

Die rare blom ('n paal van soms 8 meter hoog, met klein blommetjies) kom eenmalig voor na 22 tot 25 jaar van die plant se leeftyd – soos baie van Kokanje



se eerste Inwoners nou ondervind – en na vrugvorming gaan die plant dood. By ander spesies leef die plante verder. Daar is soms ook klein uitloopselplantjies rondom die ou plant wat weer volwaardige plante kan word.

In Mexico en Indië word die hele plant verwerk en mense maak penne, naalde, garing en spykers daarvan, asook didgeridoo's, 'n windmusiekinstrument (van die stam).

Medisinale gebruike – artritis: Tee word gebrou van blare.

Waarskuwing:

Sommige plante is giftig en moet eers gaargemaak word voor gebruik. Wees ook baie versigtig in die tuin: Die rou sap kan erge velsiektes veroorsaak.

Die Agave Sisalana (garingboom) val ook in hierdie familie en sy harde vesel (sisal) word verwerk tot tou.

Agave-plant – **BAIE HANDIG** en so pragtig en gepas in ons droogtebestande tuine!

Rita Noeth

IDENTIFIKASIE VAN BOME

Tydens 'n Kokanje-Voetslaanklubuitstappie het Christine en Pieter Rossouw, saam met Julia Hunkin van Kolobe, meer bome begin identifiseer as om net die staproete vinnig te voltooi.

Freda Hayward se belangstelling is so geprikkeld dat sy en die Tuinbouklub 'n spesiale uitstappie gereël het na Bergkoninkryk waar Pieter hulle oor bome en identifikasie toegesprek het.

Die foto's toon Christine en Pieter waar hulle op die terrein rondloop, die bome bespreek en vrae beantwoord.



OPSOEK NA
MOTORS, BAKKIES,
WAENTJIES EN



KOOP!

AS U WIL VERKOOP

KONTAK:

HENK VAN DER MERWE

082 599 6957

**Vir herstel werk
en verstellings
aan klere. Kontak
Estelle 073 945 3527
Modimolle**



TEL: (014) 717 5175
FAKS: (014) 717 5176
SEL: 082 320 8289
E-POS: m-a-c@mweb.co.za

Modimolle-Auto-Clinic
Rupertstraat 4



Vir gehaltdiens en die beste pryse, kom besoek ons gerus.

Ons diens enige tipe voertuig. Opknapping van ratkaste, ewenaars, sowel as elektriese herstelwerk van aansittermotors, omsetters, lugversorgers en bedrading, asook voorbereiding vir padwaardigheidsstoetse. Ons verkoop batterye teen baie goeie pryse. Ons bied 10% afslag aan pensioenarisse en sal u motor gaan haal en aflewer teen geen ekstra koste nie. Ons was en stofsuig ook u motor. Baie dankie vir u ondersteuning.

Josef Botes
VERVOER



■ KLIP
■ VULSEL
■ TUINGROND
■ SAND & STENE

Oktaanstraat 703, Industriële gebied.
NYLSTROOM

☎ 066 078 4973 Ferdie 082 889 6548

☎ 014 717 3606



ABBA

APRIL-, MEI- EN JUNIE-PRAATJIES

1. DEMENSIE – WANNEER JOU GELIEFDE ONDER JOU RADAR VERDWYN

Gert Kruger, Voorsitter van ABBA, het 'n hartroerende verhaal vertel aangaande sy vrou, Thea, wat 18 jaar gelede met Demensie gediagnoseer is en reeds 7½ in die KE ver-toef.

Thea, voorheen 'n uiters knap onderwyseres, het aanvanklik begin toon dat sy nie meer by die skoolkurrikulum kon hou nie, en tuis was sy naderhand nie meer in staat daarin om selfs die eenvoudigste huis-houdelike pligte na te kom nie.

Gelukkig is Gert getrou byge- staan deur sy familie en vrien-

de en is die ontsettend moei- like tye vir hom draagliker ge- maak. Met behulp van bera- ding en medikasie was dit moontlik vir Gert om hierdie te- rugslag te bowe te kom en be- rusting te vind.



2. WAT 'N FISIOTERAPEUT VIR SENIOR BURGERS KAN BETEKEN



Fisioterapie is 'n baie wye veld. Fisioterapeute kan ook in spe- sialisrigtings, soos Vertigo en Inkontinensie, opgelei word.

Baie senior burgers word gerehabiliteer na 'n operasie of siekbed om hulle mobiliteit, spier- en longfunksies te herstel en ander pyne te verlig of uit te skakel.

Ek besoek Kokanje 3 keer per week in die og- gend en behandel Inwoners in die KE of hulle eie huise. Onthou asseblief dat volgehoue be- handeling in u bed u dalk so kan versterk dat u normale mobiliteit weer herwin kan word.

- WENKE:**
HOE OM TE VOORKOM DAT JY VAL.
1. Gee aandag aan onderliggende probleme soos diabetes of rugprobleme.
 2. Swak visie moet aangespreek word deur 'n be- soek aan 'n oogarts en/of die verkryging van 'n nuwe bril.
 3. Sien u dokter en behandel Lighoofdigheid (dit kan veroorsaak word deur bloeddrukprobleme of vertigo).
 4. Drink baie water om dehidrasie en urienweg- infeksies te voorkom.
 5. Skakel angstigheid uit deur hulpmiddels te ge- bruik om u makliker te laat rondbeweeg – kiere of karretjie (walker).
 6. Verminder die gebruik van los matjies of los, elek- triese koorde in u huis.
 7. Die heel beste raad: Kry 'n mate van liggaamlike oefening sowat 3 keer per week.
- Mooiloop! **Hannelie de Beer.**

3. DEPRESSIE – DIE IRONIE VAN EMOSIES

Suster Nanda Wepener (van Kokanje se Versorgings- eenheid) het haar lewensver- haal en uiters moeilike onder- vindings met die gehoor ge- deel.

Depressie kan geaktiveer word deur Jeugtrauma wat eers jare later te voorskyn kom of Onlangse Skokgebeure in die persoon se lewe.

Dit is normaal om jouself van die samelewing te onttrek ty- dens 'n routydperk of wanneer daar 'n herstelperiode is na siekte/operasie. Daarna ska- kel jy weer in by die normale dinge waaraan jy voorheen deelgeneem het.

Tydens die depressie van haar man, na 2 hartoperasies en sy daaropvolgende self- dood, het sy self ook in die donker gat van depressie be- land. Die ironie is gewoonlik dat lyers van depressie hulle toestand aan familie en vrien- de verbloem en voorgee dat alles wel is met hulle. Hulle onttrek hulle egter gewoonlik daadwerklik aan die samele- wing, verwaarloos hulle higië- ne en gesonde eetpatrone en slaap byna dag en nag.

Dit was die suksesvolle diag- nose deur haar sielkundige, en die korrekte medikasie vir haar spesifieke geval, wat haar behandeling so geslaagd en haar lewe tans so suk- sesvol gemaak het.

Sy is vandag besig met ver- dere studies en veral onder- soeke i.v.m. die uitwerking van pasiënte se medikasie – soms is daar bv. bestanddele in een pil wat die geslaagde uitwerk- ing van 'n ander een bena- deel/teëwerk.



ABBA-Lede
bedank die 3 sprekers vir hierdie uiters waardevolle inligting.

Staan jou naaste daadwerk- lik by tydens moeilike tye en wees 'n helder lig in mekaar se donker periodes.

SATELLITE CONNECTION

Supply - Repair - Installation
All Audio | Video & DSTV Systems

www.satelliteconnection.co.za 014 717 1551 / 082 494 3132



PRETORIA OOGINSTITUUT
PRETORIA EYE INSTITUTE

Dr Johann Grobbelaar
Oogspesialis / Eye specialist

Nylstroom besoeke elke 2e week
by Dr M Veldman se kamers

Afsprake: 012-3438333 / 5
Adres: Thabo Mbeki rylaan nr.39

ART CLUB

Wenda Olivier, Chairperson of the Art Club organized an Encaustic Art demonstration on Thursday, 25 July given by Linda Bishop and Sue Wright. The workshop was enthusiastically received and follow-up interactive workshops will take place.

Encaustic painting was developed by the ancient Greeks over 2000 years ago. The Greek word for encaustic is "encaustikos" which means "to heat". Encaustic paint consists of beeswax, resin and pigment and can be applied to a number of different surfaces. It has inherent qualities as it is a natural adhesive and is resistant

to light, mildew, insects and fungus. It dries instantly and never discolours making it the most durable form of painting. This is evidenced by the Faiyum mummy portraits in Egypt which have survived over 2 000 years without deteriorating whatsoever. The paints are solvent free so there is no need for turpentine and mineral spirits. Encaustic work is unique because the luminosity of the wax delivers colour in a way no other medium does. Light passes through the translucent layers and is reflected back to the surface. The tools used are small craft irons and a stylus with different attachments. These are

heated and the melted wax is then applied to the artwork. The demonstration encouraged artists to view painting differently and enhance powers of creativity.

Sue Wright

(Repeat of workshop in September.)



KOM SLUIT AAN BY ONS KLUBS!

Sluit aan by 'n **Lyfklub** en 'n **Verstandklub**. Hierdeur gaan u liggaamlike en verstandelike verswakking – en die meegaande koste daaraan verbonde – grootliks uitstel of selfs afstel.

- 'n **Lyfklub** waar liggaamlike oefening 'n vereiste is, is byvoorbeeld Rolbal, Stap, Jukskei, Lyndanse, Gimtrim en nog vele meer.

- Vul hierdie aktiwiteite aan met deelname aan 'n **Verstandklub** soos byvoorbeeld Skilderkuns, Fotografie, HoeSo!? en so meer.

Soos **Johan Spies** dit eenkeer aanbeveel het.



TUINBOUKLUB

Alberta van Jaarsveld het van haar Vetplant-skeppings by die Wintermark van St Michaels-Kerk uitgestal (in die Kokanje-Sportsaal op Saterdag, 3 Augustus). Haar interessante praatjie/demonstrasie by die Tuinbouklub het op 8 Augustus plaasgevind.




KOREK

(KOKANJE-REKENAARKLUB)



Wat is Kunsmatige Intelligensie en Hoe Kan Dit Inwoners van Aftreeoorde Help?



Kunsmatige Intelligensie (KI) is 'n tegnologie wat rekenaars en ander toestelle slim maak deur hulle in staat te stel om te leer en besluite te neem, soos mense. Dit beteken KI kan gebruik word vir 'n verskeidenheid take, soos om vrae te beantwoord, advies te gee, of selfs geselskap te hou.

Hoe Kan Inwoners van 'n Aftreeoord Daarby Baat?

- 1. Kommunikasie in Afrikaans:** KI kan volledig in Afrikaans kommunikeer, wat beteken jy kan gemaklik in jou moedertaal gesels.
- 2. Gratis Gebruik:** Baie KI-dienste is gratis beskikbaar, so dit hoef niks te kos nie.
- 3. Goeie Geselskap:** KI kan interessante gesprekke voer en is altyd gereed om te help met inligting of net om te gesels.
- 4. Hulp met Administrasie:** KI kan help met die bestuur van jou dagboek, herinneringe

aan medikasie, en selfs om te herinner aan belangrike datums.

5. Tekstvertaling: KI kan jou help om teks tussen Afrikaans en ander take te vertaal, wat handig kan wees as jy met familie of vriende in die buitenland wil kommunikeer.

Voorbeeld van 'n KI-produk: ChatGPT.

ChatGPT is 'n KI wat jy kan gebruik om te gesels en raad te vra. Dit is beskikbaar om af te laai en te gebruik via die Internet.
Internetskakel: ChatGPT by OpenAI.

Toegang tot KI: Jy kan KI gebruik op jou rekenaar, tablet, of slimfoon. Dit is eenvoudig om te gebruik en benodig net 'n Internetverbinding. **As jy hulp nodig het om te begin, vra gerus vir Korek of die jonger geslag om jou te help.** Hulle weet gewoonlik hoe hierdie tegnologie werk.

Vrolike Gedagte: Dink net, jy kan nou vir 'n rekenaar vra om vir jou grappies te vertel of stories te lees, en dit alles in Afrikaans! Dit klink amper te goed om waar te wees, maar dit is werklik moontlik.

Nota: Hierdie artikel is volledig geskryf deur 'n KI-bot genaamd ChatGPT.


Ingestuur deur
Fanie Pretorius.



- Digifoto-groep
- HoeSo?! -groep
- DigiHelp-groep

hier in Kokanje?

VRA VIR FANIE...
082 551-5615



ONS GLO:

Die kuns van wysheid is dikwels die insig om te weet wat om oor te sien.

GEBED VAN 'N NAALDWERKKLUBLID

Liewe Vader,
terwyl ek nou sit met my
naaldwerk

Is ek besonder bewus waar U
besig is met my lewe. Hoe U die
stukkies met liefde aanmekaar
werk sodat die resultaat vir U
bruikbaar en mooi sal wees.

Die **kettingsteek** herinner my aan
my onlosmaaklike verbondenheid
met U en my naaste.

Die **stamsteek** is my eenvoudige,
nederige voortbestaan wat so
nodig is om af te rond wat U vir my
bedoel het.

Die **kruissteek** vertel my van U
kruis wat verlossing en 'n nuwe
patroon vir my lewe gebring het.
Dankie Here vir die **sig-sagsteek**
van U liefde wat verhoed dat ek
uitrafel.

En o ja, die **soomsteek** wat so in
die binnekant van my lewe gewerk
word, daar waar niemand sien nie,
maar waar U besig is om my lewe
aanmekaar te hou.

Vergeet nie van die **rygstek** wat
'n projek aan die begin moet heg
en bymekaar hou nie.

Dankie Heer dat U my teen U
vasryg terwyl U met die fynere
werk besig is!

Nou wil ek veral dankie sê dat U
ook **borduurstek** in helder
blywees-kleure op my aanbring.
U is waarlik besig met my lewe –
U weet wat U beplan.

Al is dit seer terwyl U werk,
ek wil nêrens anders wees nie!

**Maak asseblief van my 'n mooi,
bruikbare lappieskombers sodat ek
ander kan toemaak met liefde!**



GEWOEL EN GEWERSKAF VAN DIE NAALDWERKKLUB

Sien ook **Kleurcollage** op **bladsy 44**.

Maandag, 17 Junie –

Jeugdag: Die gasstofies
het van vroeg-vroeg af ge-
sis, die pannekoeke het
welriekend in die warm
panne gebak en is met
kaneelsuiker gestrooi voor
dit opgerol is. Die tou men-
se het ons pragtig kom on-
dersteun en hulle het heer-
lik gaan smul saam met be-
soekers wat op die vakan-
siedag kom kuier het.

**Saterdag, 29 Junie 2024–
Wintermark en Teetuin:**

Die immerflukse dames
van die Naaldwerkkklub het
'n Baie Suksesvolle Winter-
mark en Teetuin van stapel
gestuur. Vir die eerste keer
is die mark op 'n Saterdag
gehou en werkende belang-
stellendes van Modimolle
kon saam met Kokanje-
Inwoners kom rondsnuffel

vir Pragtige, Warm Winter
Winskopies.

**Donderdag, 25 Julie tot
Saterdag, 27 Julie 2024 –
Limpopo Amateur Dans-
fees:**

Donderdagmiddag is daar
somer 4 kanne panne-
koekdeeg aangemaak en
Saterdag nog 2!

Vrydag van 11:00 tot laat
is fluks pannekoek gebak
en verkoop. 2 spanne da-
mes was aan die werk.

Saterdag van 07:00, tot
12:00 was daar weer 2
skofte aan diens om ge-
noeg pannekoek te voor-
sien aan die honger menig-
te...

**Jenny
van der
Merwe**



Baasbakker,
Michiel
Human het
ook kom
handjie bysit!



Bladsy geborg deur **Lonka Bergsma**. Baie dankie, Redaksie.

KOM SIT ASSEBLIEF 'N HANDJIE BY!

VOEDSELDIENS: OPSKEPPERS

Voedseldiens benodig die bystand van heelwat nuwe Opskeppers. Dit bring mee dat Kokanje op hierdie manier heelwat kostes bespaar, wat u heffings laag hou.

Hierdie liefdeswerk aan u mede-Inwoners is werklik baie aangenaam – u leer op hierdie manier heelwat nuwe mense ken.

Kontakpersone:

Riaan Roets
060 996-6123 en

Marlene Cloete
079 210-5065



of vul u naam in op die Opskeprooster wat op die tafel tussen Eetsaal 1 en 2 te vinde is.

U kan 'n hele week diens doen of op die Aflosrooster wees en 1 of 2 dae elke nou en dan uithelp.

Marlene skakel u altyd om u te herinner aan u diensperiode.

Aan die einde van die week word Opskeppers beloon met 'n glasie vrugtesap of wyn.

KLANK-EN-BEELD: KLANKOPERATEURS

Indien u wil inskakel by die vriendelike en hardwerkende span Klankoperateurs, wat op aflosbasis by al die Kokanje-Funksies diens doen, kom meld gerus aan by:

Pieter Knoetze
079 041-2878.

U sal die nodige opleiding ontvang.



'n Paar Demensie-stimulasiegroeplede.



DEMENSIE-STIMULASIE- GROEP: VRYWILLIGERS

Die flukse en vriendelike Vrywilligers wat om die beurt Maandag tot Vrydag, vanaf 10:00 tot 11:00, in die KE stimulasie-funksies aanbied, kan ook baat daarby vind as nuwe lede aansluit.

Die KE-Inwoners in Afdeling E stel elke besoek baie hoog op prys.

Sameroeper:

Denise Prinsloo
082 968-9402.

Kom sluit gerus by ons aan!



Vorige, ouer Vrywilligers se gesondheid en liggaamskrag het so afgeneem dat hulle nie meer hierdie liefdesdiens kan verrig nie en bestaande Vrywilligers gaan soms met vakansie of ondergaan operasies. Dit is die rede waarom daar gedurig nuwe plaasvervangers gewerf moet word.

Die persone wat tot dusver op gereelde basis diens gedoen het by elkeen van bogenoemde Vrywilliger-Groepe word baie hartlik bedank vir hulle onbaatsugtige diens oor die jare!



KOM BESOEK GERUS DIE KOKANJE-TAPHUIS

Teen die muur, langs die deur van die Taphuis, pryk 'n kleurafdruk van Andy Capp, die bekende strokiesprentkarakter. Hierdie spotprentkarakter is geskep deur Reg Smythe, skrywer en kunstenaar uit Engeland. Die eerste Andy Capp strokiesprent het op 5 Augustus 1957 in die *Daily Mirror* en die *Sunday Mirror* die lig gesien en sedertdien lewe Andy Capp steeds voort in vermeldde koerante, asook die *Washington Post*.

Die fiktiewe karakter, uit Hartlepool, Oos-Engeland, is baie lief vir sy biertjie, "football, darts, pigeon racing, snooker, cricket and occasionally rugby". Hy kuier graag saam met sy vriende in die "pub" en kom gedurig in die moeilikheid by sy vroultjie "Flo" wat gereeld "Bingo" speel en ook graag "ietsie geniet".

Hoewel nou nie eintlik Andy Capp se soort Pub nie, het Kokanje 'n Taphuis/Dameskroegie van sy eie wat al 27 jaar in bedryf is en eweneens geskep is as 'n gesellige bymekaarkomplek vir ons Inwoners, hul familie en vriende.

Wyle Kobus Vorster, 'n Inwoner van Kokanje, het alreeds in 2001 'n artikel oor die Taphuis vir **KOLLIG** geskryf. Hy het destyds gemeld dat 'n groot deel van die opbrengs, verkry uit verkope, gekanaliseer word na die Kokanje Eenheid (KE). Hy het ook verwys na die onverklaarbare persepsie by sommige Kokanje-Inwoners dat die Taphuis 'n ongewenste plek is en vermy moet word en dit blyk of hierdie aanname ongelukkig vandag nog gehuldig word...

Onthou die doelwitte van die Taphuis:

1. Om te dien as sosiale vergaderplek vir alle Kokanje-Inwoners.
2. Om gesellig te verkeer en waar 'n drinkdingetjie van u keuse geniet kan word of, indien so verkies, etenstafel toe geneem kan word.
3. Die gebruik het ontstaan dat Nuwe Intrekkers by hul eerste besoek aan die Taphuis 'n gratis drankie aangebied word om hulle so welkom te heet.
4. Die belangrikste doel is om finansiële steun uit opbrengste te kan bied aan die Kokanje Eenheid en sedert 2011, ook aan die Hulpfonds en Biblioteek.

Die Taphuis het oor 'n tydperk van **27** jaar die bedrag van **R551 000** aan hierdie instansies geskenk! (In 2023 **R25 000** aan die Kokanje Eenheid, **R10 000** aan die Hulpfonds en **R10 000** aan die Biblioteek.)

Om dit alles moontlik te maak en hierdie fasiliteit suksesvol te kan bedryf, is die Taphuis natuurlik grootliks afhanklik van Inwoners se ondersteun-

ing. So bestaan daar deurentyd 'n behoefte aan vrywilligers wat bereid is om op aflosbasis as Taphere/-dames diens te verrig. Sonder hierdie persone se hulp kan die Taphuis nie na behore funksioneer nie en daarom is groot dank verskuldig aan almal wat deur die jare betrokke was en tans steeds in hierdie hoedanigheid hulp verleen.

Of Kokanje se Taphuis nou 'n goeie of slegte plek is, hang sekerlik af van elkeen se eie opvatting daaromtrent, maar, soos C J Langenhoven (gevierde Afrikaanse skrywer en digter) dit stel:

"Maak altyd die beste van 'n goeie ding, maar nooit die slegste van 'n slegte nie."

Ondersteun asseblief Kokanje se Taphuis en dra ook so by tot die behoud en uitbouing van hierdie waardevolle fasiliteit tot ons beskikking.

Leon Esterhuyse



3 Taphere en 1 Tapdame.

'n Paar Inwoners kuier gesellig saam voor middagete.



RIGLYNE VIR DIE SKEPPING VAN 'N TUIN

Alles hang af van die grootte van u tuin.

Na aanleiding van gesprekke met van ons Inwoners, deel ek gedagtes t.o.v. basiese riglyne van tuinontwerpe, soos verkry uit boeke, tydskrifte, ens.

1. Inleiding

Die ideale tuin is die doelgerigte en verbeeldingryke benutting van tuinruimte tot 'n samehangende en genotvolle geheel.

Dit is vol van aangename geure, klanke of selfs die rustigheid van die skemerstilte.

Dit gaan dus nie net oor wat jy graag in jou tuin wil sien nie, maar meer oor wat jy daarin wil ervaar.

2. Basiese beginsels van tuinontwerp

Oorweeg die omgewing

Gebruik enige uitsig (byvoorbeeld 'n rivier, heuwel, bome, ander tuine, ens.)

Omraam die uitsig met bome of struik.

Blok onooglike elemente uit met bome, mure, ens.

Die voordeur

Verwelkom besoekers met kleurrike struikgroepe of blombeddings.

Die hooftuin

Fokuspunt van die prentjie, soos gesien vanuit die voorste kamers van die huis.

Die grenslyn

Konsentreer op immergroen bome en struik.

Voetpaadjies

Beperk tot die minimum.

Streef na aangename of dinamiese vorm.

Kronkelpaadjies kom eers later.

Die grasperk (by die hooftuin)

Plant verkieslik 'n fyn gras. NB. Plant 'n growwe gras verder van die huis af waar dit nie gereeld gesny hoef te word nie.

Omraam die grasperk met blombeddings.

Tuin "kamers"

Braaikamer, vuurput of boma: Onder skaduboom.

Patio/binnehof: Plante in potte of bakke.

Watertuin: In die son en weg van bome – nie te veel plante nie.

Rotstui: Klippe in lae, grond goed gedreineer, holtes en inhamme met dieselfde soort plante.

Leeshoek: Gerieflike bank of hangmat.

Werkstui: Agter struik of 'n muur.

NB. Merk die verdeling van kamers met heinings, beddings van struik, paadjies, ens.

Versierings

Natuurlik: Klippe en stompe. Mensgemaak: Beelde, potte, ens.

Kronkelpaadjies (vir verfraaiing)

Materiale: Klip, gruis, houtblokke, ens.

Patrone: Rond, gegolf, vierkantig, ens.

Vorm en lyn: Kronkel gee 'n sagter en natuurliker voorkoms.

3. Die tuinkomposisie

Eenheid en vloei

Ankerplant: Herhaal plant met dieselfde vorm, tekstuur of kleur.

Rangskik plante in groepe van 3, 5 of 7 van dieselfde plant.

(Sien diagram op die volgende bladsy.)

Versteek gedeeltes d.m.v. heinings, struik, potte, arbors, ens.

Dit wek 'n gevoel van verwagting.

Laat ruimte groter lyk.

Skep privaatheid.

Verbind tuinspasies d.m.v. paadjies – in sirkels, speke, ens.

Skep fokuspunte

Beelde, banke, mure, arbors, plante in helder kleure, ens.

Doen plantnavorsing en beplanning

Maak 'n wenslys.

Kyk na ander tuine.

Teken konsepplan

Meet spasie.

Begin met eindresultaat in gedagte.

Hou die volgende in gedagte: Plantsoorte, materiaalkeuses, die posisie van die son op elke kol, dreinerings van area, persoonlike voorkeure, toekomstige grootte van plante, gebruik immergroen plante op voorgrond van eenjariges, bladwisselendes of blomplante, verskillende blomtye om kleur deur die jaar te verleen, blare en bessies, voorbeeld (specimen) plante.




RIGLYNE VIR DIE SKEPPING VAN 'N TUIN (vervolg)

4. Die rangskikking van plante

Plant in lae (Hoogte): Bome, struike, grondbedekking en bolplante.




Rangskik in groepe van 3, 5 of 7 – NB: Nie in reguit lyn.




Fokuspunte: Rangskik plante om 'n fokuspunt.

Van bo gesien



In lyne: Maak 3 reguit lyne.



In golwe



Herhaling

Herhaal 'n paar plante van dieselfde vorm, kleur of tekstuur.

Aksentkleure

Kies een hoofkleur en 1 - 2 aksentkleure.

Unieke fokuspunt

Gebruik 'n unieke plant of pot in kontras, vir drama.

Hoe kleur werk

Komplimenteer/kontras. Teen-oorgesteldes op die kleurwiel lyk die helderste as hulle saam is.



Analogies

Kleure langs mekaar op die kleurwiel pas altyd.

Monochromaties

Verskeie skakerings van dieselfde kleur.

**GENIET U
VOLTOOIDE TUIN
TERDEË!**

Saamgestel
deur
Ivan Taylor.



Bronne

1. 'n Tuin met 'n Plan: Hester Fourie.
2. Die A – Z van Tuinmaak in Suid-Afrika: W.G. Skeat.
3. Garden Design: Sina Elliovson.
4. Internet.

**ONTHOU OOK DAT U BOSVELDTUIN
DAARBY BAAT SAL VIND INDIEN U
"INHEEMSE" EN DROOGTEBESTANDE PLANTE GEBRUIK!**



SPEZIALE PROJEKTE

PLASTIEKPROPPIES

Plaas asseblief al u harde plastiek bottelproppies in die rooi houer langs Santie Strydom se kantoor.

Daar is skole wat hierdie proppies insamel om in te handig vir die landswye rolstoelprojek.

Wenda Olivier is in beheer van die Kokanje-deel van die projek en sal die proppies op die regte plek/ke laat aflewer.

BAIE DANKIE!



SOP-IN-'N-BOTTEL PROJEK

Leonie du Plessis bedank almal wat vir haar bottels ingesamel het. Die projek loop steeds skitterend onder haar leiding.

Indien daar persone is wat finansiële bydraes wil maak om van die sopbestanddele daarmee aan te koop, kontak haar asseblief.

Leonie du Plessis,
063 170-3142.



PLASTIEKSAKKIES, POLISTIREEN- EN PLASTIEKVERPAKKINGSBAKKIES



Liza kan enige plastieksakkies, verpakkingsbakkies en kartondose baie handig gebruik.

Sy bedank almal wat reeds daarvan by haar by die Kiosk afgegee het.

Liza Oosthuizen van Liza's Kiosk is ook baie dankbaar vir silwer kleingeld wat sy van haar kliënte ontvang.

KARTONDOSIES

Maak asseblief vir my u leë Cappuccino en Knorr Cup-a-Soup kartondosies bymekaar.

Ek gebruik dit vir my projek vir die Naaldwerkklub se 2024 Kersmark.

Ek sal dit by u kom haal.



Baie dankie!
Tina Brits
079 362-7928.



RESEPT VIR DIE LENTE

DROËVRUGTESLAAI

BESTANDDELE en metode:
250 gr gemengde Droë-
vrugte (in stuk-
kies en sagge-
kook)
6 Piesangs.

Meng alles goed deur.

BESTANDDELE en metode –
SOUS:

1 blik Kondensmelk
125 ml Asyn
10 ml Mostert
62,5 ml Olie
2 ml Sout.

1. Klits al die sousbestandde-
le goed saam en giet oor die
vrugte.
2. Verkoel goed voor opgedien
word.

**CHRISTIANNE
ROBBERTZE**



BROODSLAAI

BESTANDDELE:
1 Witbrood
300 gr Suiker
250 ml Asyn
4 Eiers
25 ml Mostert
125 ml Room
125 ml Mayonnaise.

METODE:

1. Sny brood in blokkies en
braai in diepvat tot ligbruin
(croutons).
2. Kook die asyn en suiker
saam, roer tot suiker gesmelt
is.
3. Klits eiers en mostert saam
en voeg by suikermengsel.
4. Roer oor lae hitte tot sous
dik word.
5. Laat afkoel.
6. Meng room en mayonnaise
met vorige mengsel.
7. Gooi oor die broodblokkies,
net voor jy dit bedien.

MARCIA SPIES



SJOKOLADEKOEK

BESTANDDELE:
1½ kop Water
4 eetl Kakao
8 eetl Kookolie
1½ kop Suiker
1 tl Vanilla
4 Eiers
2 kop Meel
4 tl Bakpoeier
knippie Sout.

METODE:

1. Kook water, kakao en olie
saam.
2. Klits suiker, vanilla en eiers
saam.
3. Sif saam: Meel, bakpoeier
en sout.
4. Voeg meelmengsel gelei-
delik by eiermengsel.
5. Meng goed.
6. Voeg kakaomengsel by en
meng baie deeglik.
7. Gooi deeg in gesmeerde
panne.
8. Bak teen 180° C vir 25 mi-
nute.
9. Koel af in panne.
10. Plaas op afkoelrakkie.
11. Versier met Kakaoversier-
suiker of 'n blikkie gekookte
kondensmelk.

**JULIENNE
DAVEL**




KAASSTROOITJIES

BESTANDDELE:

1½ kop Meel

1 tl Bakpoeier
¼ tl Sout en Peper
goeie knippie Mostertpoeier

135 gr Botter
135-180 gr gerasperde Kaas
(Melk).



METODE:

1. Sif droë bestanddele saam.
2. Vryf botter en kaas in.
3. Indien nodig, meng met 'n bietjie melk
tot 'n stywe deeg.
4. Rol ½ cm dik uit en sny in stroke.
5. Bak in warm oond tot goudbruin (180°C
of meer).
6. Wanneer uitkom, sprinkel met sout.
7. Onthou dis 'n koekie – moenie te dun
maak nie.

LÉTA AUCAMP

DEUR MY VENSTER

Die bome, reeds in herfskleur, word oranjerooi geverf en die eerste sonstrale werp hul helder glans in die verte op die bergspits: Ons word deur die venster deur Monk's Cowl begroet. Ons het gisteraand laat hier aangekom en was nie bewus van hierdie rustige, asemrowende toneel wat ons inwag en verras ná gister se lang rit nie. Nou is die gordyne oopgetrek, maar die kinders en kleinkinders slaap nog met toegetrekte gordyne en dis pikdonker in die res van die huis. Ek kannie wag om hulle aandag te vestig op die toneel hierbuite nie. Vir die eerste een wat ek teëkom, beveel ek opgewonde en dringend:

"Kyk gou by die glasdeur uit na buite, trek weg die gordyn!"
"Hoekom Ouma?"
"Kyk hoe mooi!"

Hy draai sy kop, kyk vinnig, en kyk weer terug om voort te gaan met tik op sy foon. Hier is niemand anders, behalwe my man, met wie ek hierdie vroegoggendwonder kan deel nie! En die wete dat ons dit vir 'n week lank elke oggend sal kan beleef, vul my met groot vreugde.

'n Dag of wat later moet ons skuif na 'n ander huis hoër op teen die bult, want swak sein vir 'n wifi' voldoen nie aan wat

hierdie verblyf sou aanbied nie.

Ons sien nie meer dieselfde toneel deur ons venster nie!



Weg is die aanvanklike vreugde en die sein vir die selfone en beplande reekse wat op TV te sien sou wees, wen hierdie rondte.

Ons ontdek egter dat hierdie pragtige uitsig oor die bome tot doer teen Monk's Cowl nog steeds daar is, maar nou vanaf die stoep waar ons eerste koppie koffie met beskuit genuttig kan word.

Welliswaar moet ons na buite, gejas en gepantoffel, maar die wonder is nog steeds dáár as ons net ons vorige posisie onder die warm komberse verruil vir 'n ander uitsig.

Ons kry baiekeer te doen met sulke situasies.

My tuin, met voëltjies wat aan grasstingels hang om saadjies te pik, pointsettias en strelitias wat met blommeprag kompeteer het met die wildegagablomme, het ook skielik alles weggekwyn onder swartryp.

Verskuif dalk net jou uitkykpunt en let op dat die voëltjies nog steeds versamel by jou waterbak, sodra die ys gesmelt het; die bakkies nog steeds koulik verbystap, hier en daar proe aan spekboomblaartjies; die muishondjies nog steeds kom soek na krieke en kyk of die molle nie iets van ondergrond na bo uitgestoot het nie. (Ignoreer maar eers die skade wat die honger ystervark aangerig het.)

Die wete en belofte van wat 'n nuwe lente en somer kan bring, is ook nog daar. Ons kan droom van kleurvolle tuiene, maar buite lyk dit steeds

droewig. Maar, as ek my kop effens draai, sien ek in my buurvrou se tuin ál die lieflike geel suurlemoene aan grasgroen takke wat deur die ryp oorgeslaan is, en langs die tuinpaadjie blom die pers kruieplantjie met die heerlike geur as iets net daaraan raak.

**Dis 'n nuwe seisoen,
 en ek moet iets anders kry
 om deur my venster te sien,
 of ek moet deur 'n ander
 venster gaan kyk!**

Sielkundiges gebruik verbeeldingsvlugte as terapie. Mense is egter soms so vasgegom aan bv. hul huisskoonmaaktake, dat hul onder die mooi waterval wat geskilder word, nog steeds die bottel met skoonmaakmiddels en mop sien staan. Dis vir hul moeilik om, soos vir my kleinseun, sake wat hul aandag vereis, net mis te kyk om op Monk's Cowl te fokus.

Miskien is die hoek waarvandaan ons kyk deurslaggewend. Sluit jou oë en laat jou gedagtes dwaal na blomme-weelde van jou besoeke aan Namakwaland; die golwe van die see; die sonsopkoms en besef dat jy nie langer jouself hoef in te perk tot jou huidige situasie en omgewing nie; jou verbeeldingsvlugte het geen perk of grense nie!

Dit verg moed en vasberadenheid om verandering vierkantig in die oë te kyk, en vir jouself te sê:

**Dis dan hoe
 dit nou is!
 Ek is OK
 daarmee!**

Martha van Zyl



STATUS FUNERALS

International



Jou betroubare BEGRAFNIS VENNOOT



Ons Dienste en Fasiliteite

Om 'n geliefde te verloor is 'n baie moeilike proses. Om vir u gesin gemoedsrus te gee, bied Status Begrafnisdienste volledige sorg, sodat u kan fokus om mekaar te troos terwyl u voorberei om afskeid te neem van iemand wat vir u dierbaar was. Ons professionele personeel is te alle tye beskikbaar, 7 dae per week. Hulle sal u 'n volledige reeks opsies gee en persoonlik aan alle vereistes voldoen. Kontak ons gerus met enige vrae wat u mag hê.

- Kapel en Verversingslokaal
- Begrafnis Dienste
- Verassings Dienste
- Sterfte Registrasie
- Kommissaris van Ede
- Plaaslike Repatriasies
- Internasionale Repatriasies
- Alle Begrafnispolis Eise
- Ruikers
- Begrafnis Blaadjies
- Verversings
- Lidmaatskap
- Dokumentasie vir Boedel
- Reelings kan getref word vanuit die gerief van u eie huis.



Begrafnis Polisse

Status Internasionaal
Begrafnis Polisse
beskikbaar tot en met die
ouderdom van 85 jaar
Kontak ons vir meer
inligting.



Direkte verassings

Deur van hierdie diens gebruik
te maak, kan die familie van
die oorledene of diegene wat
verantwoordelik is vir reëlins
aansienlike besparings maak.
Kontak ons vir meer
inligting.



Ter nagedagtenis speldjies

'n Sentimente aandenking te
herinnering vir u, familie en
vriende om almal te help
ondersteun in hul hartseer en
verlies. Kontak ons vir meer
inligting.



Saadjies van herinnering

'n Unieke, persoonlike
herinnering van blommesaad
om pragtige, blywende
herinneringe van u geliefde
te kweek. Kontak ons vir
meer inligting



Joe Slovo Straat 46 - Modimolle 0510
066 384 4033 • 072 256 4519
014 717 1808



www.colfunerals.co.za

90 in 2024

(Julie -
Desember.)

Baie
geluk
met
hierdie
uit-
sonderlike
prestasie!



Hendrik Maritz
22 Julie



Rassie Erasmus
26 Julie



Willie Kroeze
15 Augustus



Valerie Botha
28 September



Ria Engelbrecht
29 September



**Ella van Rheede
van Oudtshoorn**
6 November



San van Rooyen
19 November



Trudie v d Sande
27 November




Jinnie Botha
30 November

POSTNET
Modimolle

014 717 3440

014 717 3441

modimolle@postnet.co.za



ENLARGE
YOUR FAVOURITE PHOTOS

**CAPTURE YOUR MEMORIES
ON CANVAS PRINTS**

**A5 to A0 Colour Canvas Printing & Framing
NOW DONE in store.**